# HOOFSTUK 6

## VOOG -(VOORLIGTING-) ONDERWYS SOOS DIT IN DIE AFRIKAANSE LAERSKOOL IN TRANSVAAL TOEGEPAS WORD

### I. DIE VRAELYS[1)]

#### A. DIE DOEL MET DIE VRAELYS

Die doel met die vraelys aan hoofde van Afrikaanse laerskole in Transvaal was:

1. om persoonlike data t.o.v. die grade van skole, asook professionele en akademiese kwalifikasies van hoofde in te win;
2. om inligting te bekom oor verskillende aspekte van voogonderwys en hoe dit by skole n.a.v. departe= mentele instruksies toegepas word;
3. om inligting te bekom oor die opleiding van hoofde en onderwysers in voogonderwys en om te probeer bepaal of daar 'n behoefte bestaan vir opleiding in opvoedkunde wat hierdie aspek vir diensdoende onderwysers insluit;
4. om te bepaal of skole ouers by skoolaktiwiteite betrek d.m.v. ouer-onderwysersamesprekings en ouer-onderwyserverenigings;
5. om menings van hoofde te verkry oor enige aspek i.v.m. voogonderwys;

1) Vgl. Bylae A 1, p. 416.

6. om aan die hand van resultate wat uit gegewens en menings verkry word, besprekings oor voogonderwys in die Christelike skool te voer en aanbevelings te maak.

## B. ORGANISASIE VAN DIE VRAELYS

Om afleidings te kan maak is ŉ vraelys saamgestel en aan ŉ outoriteit vir beoordeling en kommentaar voorgelê. Die vraelys is nie vooraf uitgetoets nie.

Goedkeuring vir die verspreiding van die vraelys is van die Direkteur van Onderwys van Transvaal verkry.

Die vraelys is laat druk en genommer ter wille van makliker kontrole. Daarna is die vraelys met ŉ begeleidende brief[2]; asook ŉ ondersteunende brief van prof. dr. B.C. Schutte[3] en ŉ gefrankeerde geadresseerde koevert aan alle hoofde van Afrikaanse laerskole in Transvaal gestuur. Daar is van die Transvaalse Onderwysdepartement se amptelike adreslys gebruik gemaak.

## C. DIE DUUR VAN DIE ONDERSOEK EN VRAELYSTE ONTVANG

Die vraelys is gedurende Mei 1974 aan hoofde gepos en die laaste antwoord is op 28 Julie 1974 terug ontvang.

2) Vgl. Bylae A2, p. 420.
3) Vgl. Bylae A3, p. 421.

Soos vraelyste ingekom het, is die gegewens getabuleer. Die tegniese versorging van data is deur navorser self onderneem. Duidelike tendense was bespeurbaar en dit was nie nodig geag om opvolgvraelyste uit te stuur nie. Tabel 1 hieronder dui aan hoeveel vraelyste gestuur is en hoeveel bruikbare antwoorde terug ontvang is.

TABEL 1: Persentasie bruikbare vraelyste terug ontvang

| Getal vrae= lyste versend | Getal on= beantwoord terug | Getal skole gesluit | Getal bruik= bare vraelys= te ontvang | Persentasie bruikbare vraelyste |
|---|---|---|---|---|
| 423 | 1 | 6 | 273 | 65,6 |

Tuckman [4] is van mening dat 33-66% vraagbriewe gewoonlik binne die eerste maand beantwoord terugkom. Sommige navorsers is egter nie tevrede nie tensy hulle 75 - 90% van die vraelyste terug kry. Om hierdie reaksie te verkry moet navorsers dikwels 'n eerste én 'n tweede opvolgvraelys of -brief aan persone wat nie gereageer het nie, uitstuur. Tuckman en ook Galfo en Miller [5] is van oordeel dat waar 'n bevolking of groep wat vraelyste moet beantwoord verteenwoordigend van daardie bevolking of groep is, en die onbeantwoorde vraelyste dus nie die wetenskaplikheid van die gevolgtrekkings kan beïnvloed nie, 'n 75-90%-beantwoording nie 'n vereiste is nie. Die persentasie antwoorde wat in hierdie ondersoek ontvang is, kan dus as 'n goeie reaksie beskou word en ook as verteenwoordigend van die menings van hoofde van Afrikaanse laerskole in Transvaal en van die bestaande praktyke i.v.m. voogonderwys.

4) Tuckman, B.W. Conducting educational research, p. 208.
5) Tuckman, op. cit., p. 205. Vgl. ook: Galfo, A.J. en Miller, E. Interpreting educational research, p. 32.

/269.

## D. DIE VERKREË MONSTER

Vraelyste is aan al die hoofde van Afrikaanse laerskole in elke skoolraadsgebied gestuur. Die verkreë monster is ook goed verteenwoordigend van stedelike, dorps- en plattelandse skole soos in tabel 2 aangedui word.

TABEL 2: Verkreë monster

| Stedelike skole | Dorpskole | Plattelandse skole | T o t a a l |
|---|---|---|---|
| 107 | 79 | 87 | 273 |
| Persentasie 39,2 | 28,9 | 31,9 | 100 |

Opmerking: Skole in die Witwatersrand-Pretoria-Vaaldriehoek= gebied is hoofsaaklik as stedelike skole beskou hoewel daar uitsonderings is. Die meeste dorpskole is ook eintlik op die platteland, terwyl etlike skole wat in die W.P.V.-gebied voorkom, dorpskole is. Die menings wat verkry is, kan dus as verteenwoordigend van die stad, dorp en platteland in Transvaal beskou word.

## E. ENKELE VERONDERSTELLINGS

Van die totale getal hoofde wat die vraelyste beantwoord het, was slegs 4 dames en die geslag van die hoofde behoort dus die ondersoek nie te beïnvloed nie.

Ook waarnemende hoofde, wat 12,4% van die beantwoorde vrae= lyste uitmaak, word vir die doel van die ondersoek as permanente hoofde beskou.

/270.

## F. TEKORTKOMINGE IN DIE ONDERSOEK

By vraag 11 en 12 word hoofde gevra om aan te dui hoeveel ouers of gesinne hulle naastenby per jaar bereik. Hierdie gegewens word as skattings beskou en is waarskynlik nie die resultaat van noukeurige waarneming nie.

By vraag 16 kon hoofde moontlik 'n verkeerde interpretasie gegee het as sou opleiding in Opvoedkunde ook t.o.v. Wiskunde, Engels, ens. wees. Die strekking van die hele vraelys behoort egter 'n duidelike aanduiding te wees dat die "sekere aspekte van die Opvoedkunde" voogonderwys en ouer-onderwysersame=sprekings insluit.

## II. GRADERING VAN SKOLE

A. In die onderstaande tabel word die gradering van die skole aangedui.

TABEL 3: Die verskillende grade in primêre skole

| Graad van skool | Inskrywing | Totale aantal antwoorde ont=vang | % van Totaal |
|---|---|---|---|
| P1 | 600 en meer | 84 | 30,8 |
| P11 | 250-599 | 87 | 31,9 |
| P111 | 50-249 | 81 | 29,7 |
| PIV | 49 en minder | 21 | 7,6 |
| | Totaal | 273 | 100 |

/271.

Opmerkings:

1. Die meerheidheid Pl-en Pll-skole kom in stedelike en dorpsgebiede voor.

2. PIV-skole kom oorwegend in die platteland voor, terwyl Plll-skole in die platteland sowel as die dorp en stad voorkom.

B. AFLEIDINGS

Die antwoorde wat van hoofde ontvang is, is verteenwoordigend van die verskillende grade van laerskole, sowel as hulle verspreiding in die stad, dorp en platteland. Die klein getal PIV-skole kan toegeskryf word aan die moontlike ont=volking van die platteland en die beleid van sentralisasie van skole. Dit wil ook voorkom of baie hoofde van PIV-skole moontlik nie tyd tot hulle beskikking gehad het om die vraelys te voltooi nie.

III. KWALIFIKASIES VAN HOOFDE

A. PROFESSIONELE KWALIFIKASIES

Al die hoofde beskik oor professionele kwalifikasies wat van 'n twee - tot 'n vierjarige kursus wissel. In tabel 4 hieronder word die professionele kwalifikasies gerieflik=heidshalwe aangedui onder T.L.O.D. of 2-jarige opleiding, L.O.D. of 3-jarige opleiding en T.H.O.D.of 4-jarige opleiding.

/272.

TABEL 4: Klassifisering van professionele kwalifikasies van hoofde

| Graad van skool | T.L.O.D. | T.O.D. | T.H.O.D. | Getal ant=woorde ontvang | | % van Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Pl | 11 | | | 11 | | 4,0 |
| | | 60 | | 60 | | 21,9 |
| | | | 13 | 13 | 84 | 4,8 |
| Pll | 13 | | | 13 | | 4,8 |
| | | 57 | | 57 | | 20,9 |
| | | | 17 | 17 | 87 | 6,2 |
| Plll | 14 | | | 14 | | 5,1 |
| | | 61 | | 61 | | 22,3 |
| | | | 6 | 6 | 81 | 2,2 |
| PIV | 4 | | | 4 | | 1,5 |
| | | 16 | | 16 | | 5,9 |
| | | | 1 | 1 | 21 | 0,4 |
| Totaal | 42 | 194 | 37 | | 273 | 100 |
| % van elke diploma | 15,4 | 71,0 | 13,6 | | | |

Opmerkings:

1. Die minimum kategorie-vereiste vir die aantstelling van Pl-,Pll-en Plll-hoofde is C, d.w.s. drie jaar opleiding na matriek of gelykstaande aan T.O.D. Vir ŉ PIV-hoof is kategorie B of dan die T.L.O.D. die minimumvereiste.

2. Hoewel 38 hoofde van Pl-,ll-en lll-skole slegs oor ŉ laer onderwysdiploma beskik, het hulle sonder uitsondering ook akademiese kwalifikasies wat hulle in òf kategorie C òf in ŉ hoër kategorie plaas.

B. AKADEMIESE KWALIFIKASIES

/274.

TABEL 5: Klassifisering van akademiese kwalifikasies van hoofde

| 273 Getal antwoorde ontvang | Graad van skool | Eerste grade | | Nagraadse studies | | | | | | | Voorgraadse studie | | | | | Besig met studies | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | B.-graad | 2 B.-grade | Honn.graad | Honn.graad plus B.Ed.-graad | B.Ed.-graad | M.-graad | D.-graad | M.Ed.-graad | D.Ed.-graad | Gedeeltelik B.-graad | Net O-diploma | Persentasie net diploma | Persentasie deels graad en diploma | Persentasie graad plus diploma | Diploma | Eerste B.-graad | B.Ed.-graad | Honn.-graad | M.-graad | M.Ed.-graad | D.Ed.-graad |
| 84 | P1 | 29 | 1 | 4 | 2 | 26 | 3 | | 3 | 4 | 10 | 2 | 2,4 | 11,9 | 85,7 | | 2 | 4 | 1 | 1 | 5 | 1 |
| 87 | P 11 | 31 | | 3 | 1 | 20 | 1 | | 4 | 2 | 15 | 10 | 11,5 | 17,2 | 71,3 | | 8 | 4 | | | 7 | |
| 81 | P 111 | 22 | | 4 | | 5 | 1 | 1 | | | 30 | 18 | 22,2 | 37,1 | 40,7 | | 10 | 2 | 1 | 4 | 1 | |
| 21 | P 1V | 2 | | | | | | | | | 11 | 8 | 38,1 | 52,4 | 9,5 | 1 (6) | 7 | | | | | |
| Totaal 273 | | 84 | 1 | 11 | 3 | 51 | 5 | 1 | 7 | 6 | 66 | 38 | | | | 1 | 27 | 10 | 2 | 5 | 13 | 1 |
| Totale % 100 | | | | | | | | | | | | | 13,9 | 61,9 | 24,2 | | | | | | | |

6) Die hoof is besig met in-diens-opleiding vir die T.O.D.

Opmerkings:

1. Pl-hoofde

a. Van die 84 Pl-hoofde beskik slegs 2,4% of 2 oor die minimumvereistes, nl. kategorie C en is dit duidelik dat die meeste hoofde professioneel en akademies beter toegerus is as wat die minimumvereistes is. Van die hoofde beskik 85,7% oor 'n eerste of meer grade, d.w.s. van 'n B-graad tot 'n D.-graad. 'n Verdere 11,9% het gedeeltes van 'n eerste graad voltooi.

b. Wat verdere studie betref is 2,4% van die Pl-hoofde besig met voorgraadse studie terwyl 14,3% met nagraadse studie besig is. Van hulle is 11,9% besig met grade in die Opvoedkunde, terwyl 41,6% reeds oor grade in die Opvoedkunde beskik.

2. Pll-hoofde

a. Van die 87 Pll-hoofde beskik 11,5% oor die minimum=vereistes nl. kategorie C, 17,2% het gedeeltes van 'n eerste graad voltooi, terwyl 71,3% voor- en nagraadse studie voltooi het.

b. Dit blyk ook dat 9,2% van die Pll-hoofde met voorgraadse en 12,6% met nagraadse studie besig is. Die nagraadse studie is in Opvoedkunde: 4 hoofde is met B.Ed. en 7 met M.Ed. besig. Van hierdie hoofde wat nagraadse studie onderneem het, het 31% reeds een of ander graad in die Opvoedkunde behaal.

3. Plll-hoofde

a. Van die 81 Plll-hoofde beskik 22,2% oor vereistes vir kategorie C d.w.s. 3 jaar professionele opleiding, 37,1% het ook gedeeltelike voorgraadse studie voltooi en 40,7% beskik oor voor- en nagraadse studie.

b. Van hierdie hoofde is 12,3% besig met voorgraadse studie en 9,9% met nagraadse studie. Ses van die 8 hoofde wat met nagraadse studie besig is, is met B- en M-grade in die Opvoedkunde besig. Vyf hoofde beskik reeds oor B.Ed.-grade.

4. PIV-hoofde

a. Van die 21 PIV-hoofde waar kategorie B of die T.L.O.D. die minimumvereiste is t.o.v. professionele kwalifikasies, beskik 38,1% net oor diplomas. Van die 4 hoofde[7] wat T.L.O.D. het, het 3 ook voorgraadse studie voltooi wat hulle in kategorie C en hoër plaas, terwyl een met in-diens-opleiding by die T.O.D. besig is. Verder het 52,4% ook gedeeltes van 'n eerste graad voltooi, terwyl 9,5% oor 'n eerste graad beskik.

b. Soos aangedui, is een hoof met in-diens-opleiding besig, terwyl 33,3% met voorgraadse studie besig is.

5. Al die hoofde

a. Uit die totale getal van 273 hoofde beskik nie minder nie as 61,9% oor een of meer grade plus 'n onderwysdiploma wat hulle in kategorie D of hoër plaas. Hoewel geen finansiële voordeel uit hoër kwalifikasies spruit nie, wil dit voorkom of hoofde dit erns maak met die opvoeding

7) Vgl. tabel 4, p.272.

/276.

en onderwys om die bes moontlike kennis te verkry tot voordeel van kind en gemeenskap. Dit blyk ook dat 30,8% van die hoofde oor nagraadse grade beskik waarvan die meerderheid nl. 24,5% in Opvoedkunde is.[8] Die geringe persentasie van 13,9 het slegs onderwysdiplomas en ŉ verdere 24,2% beskik oor gedeeltelike voorgraadse studie.[9]

6. Van die hoofde wat met verdere studie besig is, is 0,4% of 1 hoof van 273, besig met in-diens-opleiding, 9,9% met 'n eerste graad en 11,4% met nagraadse studie. Van die nagraadse studente is 10 met B.Ed. besig, 5 met M.Ed. en een met D.Ed., dus 5,9% van die 273 hoofde probeer hulle verder toerus in Opvoedkunde.

## IV. ANTWOORDE i.v.m. VOOGONDERWYS

Wanneer na die "Verslag van die Komitees insake Voogonderwys aan Laerskole en Hoërskole" i.v.m. die "Vraelys oor Voogonderwys (1965)"[10] gekyk word en die bevinding, nl. "... aangesien daar in die laerskool eintlik geen sprake is van ŉ voogstelsel in die ware sin van die woord nie... het die komitees weinig waarde kon heg aan die inligting wat van laerskoolhoofde oor die voogstelsel ontvang is...", dan blyk dit uit die beantwoording van die vrae dat daar nog baie

---

8) 54 Hoofde het B.Ed.-, 7 M.Ed.- en 6 D.Ed.-grade.

9) Slegs 38 hoofde beskik oor die minimum kategorie vereiste vir hulle poste, terwyl 235 oor hoër kwalifikasies beskik.

10) Vgl. hoofstuk 2, p. 36 hierbo.

/277.

onduidelikheid oor voogonderwys bestaan.

A. <u>Vraag 1: Is u van oordeel dat die voogstelsel in laerskole toegepas kan word?</u>

In tabel 6 word die antwoorde aangedui.

TABEL 6: Kan die voogstelsel in laerskole toegepas word?

| Getal antwoorde ontvang | Ja | Nee | Onseker | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|---|
| 273 | 222 | 17 | 34 | |
| Persentasie | 81,3 | 6,2 | 12,5 | 100 |
| Hoofde met grade in Opvoedkunde 67 | 57 | 4 | 6 | |
| Persentasie | 85,1 | 5,9 | 9,0 | 100 |

<u>Opmerkings:</u>

1. Vraag 1 moet ook in samehang met vraag 2 en 3 in oënskou geneem word.

2. Dit is bemoedigend dat 81,3% van die hoofde dink die voogstelsel kan wel in die laerskool toegepas word. Andersins wek dit verbasing dat 18,7% of byna 1 uit elke 5 hoofde òf onseker òf téén die stelsel gekant is, veral daar die voogstelsel juis die grondslag van gedifferensieerde en geïndividualiseerde onderwys is.

3. Om te bepaal of hoofde met grade in Opvoedkunde duidelikheid het, is afsonderlike menings van die 67 ook in die tabel aangedui.[11] Uit hierdie hoofde se antwoorde blyk dat 3,8% méér positief staan en dat 3,8% ook minder onseker of negatief t.o.v. die toepasbaarheid van voog=onderwys in die laerskool staan. T.o.v. hierdie vraag kan afgelei word dat daar 'n geringe positiewe korrelasie is tussen hoofde met grade in Opvoedkunde en hulle siening van die toepaslikheid van voogonderwys in die laerskool.

B. <u>Vraag 2: Is voog-(voorligting-) onderwys na u mening noodsaaklik?</u>

TABEL 7: Is voog-(voorligting-) onderwys noodsaaklik?

| Getal antwoorde ontvang | Ja | Nee | Onseker | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|---|
| 273 | 233 | 17 | 23 | |
| Persentasie | 85,3 | 6,2 | 8,5 | 100 |
| Hoofde met grade in Opvoedkunde 67 | 57 | 5 | 5 | |
| Persentasie | 85,2 | 7,4 | 7,4 | 100 |

<u>Opmerkings</u>:

1. Slegs 14,7% van al die hoofde is onseker oor of gekant teen voogonderwys. Daar is ook 11 méér hoofde wat meen voogonderwys is noodsaaklik, hoewel hulle van mening is dat

11) Hulle menings is reeds by die 273 ingesluit en dan weer afsonderlik aangedui. Dit het 'n geringe uitwerking op die persentasieberekeninge.

/279.

dit nie in die laerskool toegepas kan word nie.

2. Hoofde met grade in Opvoedkunde se mening oor hierdie vraag korreleer byna 100% met die mening van al die hoofde nl. 85,2% teenoor 85,3% wat "ja" antwoord en 14,8% teenoor 14,7% wat "nee" geantwoord het, of onseker is.

C. <u>Vraag 3: Beskou u dit die taak van die onderwyser om die huislike agtergrond van leerlinge te leer ken?</u>

TABEL 8: Moet onderwysers kinders se huislike agtergrond leer ken?

| Getal antwoorde ontvang | Ja | Nee | Onseker | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|---|
| 273 | 256 | 7 | 10 | |
| Persentasie | 93,8 | 2,5 | 3,7 | 100 |
| Hoofde met grade in Opvoedkunde 67 | 63 | 1 | 3 | |
| Persentasie | 94,0 | 1,5 | 4,5 | 100 |

<u>Opmerkings</u>:

1. Die meerderheid hoofde is van oordeel dat onderwysers wel die leerlinge se agtergrond moet ken. Hier word ook weer gevind dat 2,5% van die hoofde dit onnodig vind en 3,7% onseker is daaroor, d.w.s. 17 van die 273 het nie duidelikheid oor voogonderwys en plaasvervangende ouerskap t.o.v. só 'n belangrike aspek as huislike agtergrond nie.

/280.

Dit is tog nie moontlik om n kind as mens en individu te ken sonder om ook sy huislike agtergrond te ken nie.

2. Hoofde met grade in Opvoedkunde se menings is 0,2% meer positief, maar tog is daar 3 wat onseker is en 1 wat oordeel dat die kind se agtergrondkennis nie deur die onderwyser vasgestel behoort te word nie.

3. Daar is hoofde wat op vraag 1 "ja" of "nee", op vraag 2 "nee" of "onseker" geantwoord het, maar dit tog noodsaaklik beskou dat kinders se agtergrond geken moet word. Dan behoort vrae 1 en 2 ook bevestigend te gewees het.

D. Vraag 4: Indien bevestigend, hoe word hierdie inligting by u skool verkry?

Die antwoorde op hierdie vraag was soms n kombinasie van n paar metodes, maar kan in die volgende hoof=groepe ingedeel word.

TABEL 9: Wyse waarop inligting verkry is

| | | Getal skole wat hierdie metode volg |
|---|---|---|
| 1. | Besoek ouers waar nodig en in probleemgevalle | 57 |
| 2. | Huisbesoek | 57 |
| 3. | Oueraande en huisbesoek waar nodig | 38 |
| 4. | Klein gemeenskap: onderwysers ken al die ouers persoonlik | 20 |
| 5. | Vraag nie voltooi nie | 19[12)] |
| 6. | Tydens oueraande | 14 |
| 7. | Van die kind self | 14 |
| 8. | Navraag, ondersoek, deur leerlinge te onder= vra | 13[13)] |
| 9. | Samesprekings by skool en huis | 12 |
| 10. | Vraelyste | 11 |
| 11. | Vraelyste en huisbesoek | 7 |
| 12. | Word toevallig verkry | 5 |
| 13. | Ouers besoek die skool op versoek | 3 |
| 14. | Geen bepaalde metode nie | 3 |
| | T O T A A L | 273 |

---

12) Dit sluit die 17 hoofde wat "nee" en onseker op vraag 3 geantwoord het in, asook nog 2 hoofde.

13) Dit is hoofsaaklik plattelandse skole met koshuise waar inligting ook verkry word uit toelatingsvorms, beurs= vorms en volkswelsynverslae.

/282.

Opmerkings:

1. Elke kind is geregtig op die voordeel wat uit die samewerking tussen onderwysers en ouers spruit, omdat nie alleen die opvoeding en onderwys daardeur baat nie, maar ook omdat die lewe vir elkeen wat daarby betrokke is, verryk word. Samesprekings moet met ál die ouers van ál die kinders plaasvind en nie slegs met daardie ouers wie se kinders "probleme" het nie of "probleme" is nie.[14) ] Omdat onderwysers professionele mense is, moet die inisiatief om inligting te bekom van hulle uitgaan.[15)]

Dit blyk uit items 1, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 10, 12, 13 en 14 dat 197 skole of 72,2% nie geordende of wetenskaplike metodes volg om met ouers te konfereer nie.

2. Sommige van die metodes van inligtinginwinning dui duidelik daarop dat slegs "probleemgevalle" aandag geniet soos blyk uit die volgende: "besoek ouers waar nodig en in probleemgevalle"; "oueraande en huisbesoek waar nodig" en "ouers besoek skool op versoek." Om inligting van "die kind self te verkry", of "van ouers gedurende oueraande", "navraag en ondersoek," "vraelyste" en "geen bepaalde metode nie," dui daarop dat daar nog nie wisseling van gedagtes tussen skool en huis oor elke kind plaasvind nie.

3. Hoewel die Transvaalse Onderwysdepartement huisbesoek nie as verpligtend beskou nie, is daar tog 'n groot getal skole wat wel huisbesoek doen, nl. 76 of 27,8%.

14) Langdon & Stout, Teacher-parent interviews, p. 335.
15) Blyth, W.A.L. Some relations between homes and schools, p. 7 - 10.

Hier is dus aanduidings van ouer-onderwysersamesprekings ten behoewe van die kind.

4. Oor die hele saak van voog- en voorligtingonderwys verkeer baie hoofde in die duister, soek leiding en lewer hulle ook heelwat positiewe en negatiewe kommentaar.[16)]

E. Vraag 5: Maak u op die roosters vir 'n voogperiode voorsiening?

Vóór 31 Desember 1973 was daar geen aanduiding deur die Departement dat daar vir voogperiodes voorsiening gemaak hoef te word nie. Sedert Januarie 1974 is daar ook geen nodigheid om 'n vaste periode vir voogonderwys toe te kén nie. Dit word aan hoofde oorgelaat om volgens behoefte periodes daaraan toe te ken. In st. 4 maar veral in st.5 sal, veral as die registerperiode nie voldoende blyk te wees nie, moontlik bykomende tyd ingeruim moet word.[17)] In die laerskool is daar in elk geval nie 'n register= periode nie.

Uit hierdie voorskrifte van die Departement word die indruk gewek dat voog- en voorligtingonderwys in die laerskool onbelangrik is en dat die voorligtingsgedeelte slegs betrekking op st.5 het in die junior sekondêre fase. Hierdie skynbare houding van laat-dit-aan-die-hoof oor kan beswaarlik as rigtinggewend beskou word, veral ook omdat daar nog nooit werklike voorligting aan hoofde oor voogonderwys gegee is nie. Die reaksie van hoofde op hierdie vraag word in tabel 10

16) Vgl. kommentaar by vraag 18, p. 302 - 313.
17) Vgl. T.O.D. Omsendminuut 210 van 31 Desember 1973.

/284.

aangedui.

TABEL 10: Hoofde wat vir 'n voogperiode op die roosters voorsiening maak

| Getal antwoorde ontvang | Ja | Nee | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|
| 273 | 41 | 232 | |
| Persentasie | 15 | 85 | 100 |
| Hoofde met grade in Opvoedkunde 67 | 14 | 53 | |
| Persentasie | 20,9 | 79,1 | 100 |

Opmerkings:

1. Slegs 41 hoofde maak by hulle skole vir 'n voogperiode voorsiening, terwyl 232 hoofde of 85% geen voorsiening daar= voor maak nie.

Van die 67 hoofde wat grade in Opvoedkunde het, maak 20,9% voorsiening vir voogperiodes en 79,1% maak nie voorsiening daarvoor nie. Daar is dus 5,9% meer van laasgenoemde hoofde wat die nodigheid en behoefte van voogperiodes besef, wat moontlik aan hulle opvoedkundige agtergrond toegeskryf kan word.

2. Die onderhandelinge met leerlinge in die vooggroep moet die stempel van 'n ouer-kind-verhouding dra.[18)] Dit is nie altyd vir die voogonderwyser moontlik om binne of buite

18) Vgl. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 118 - 123 en p. 21 hierbo.

klasverband met élke kind die ouer-kind-situasie te skep nie. Daarvoor is 'n voogperiode nodig en dán kan daardie eerlike, simpatieke en vertrouensverhouding verinnig word.

Dit is ook die geleentheid om spesifiek met kinders te gesels oor hulle toekomsgerigtheid, godsdiens, taal, vryetydsbesteding, menseverhoudinge, kultuur, godsdienstige en volksfeeste, ens. [19] Gedurende hierdie voogperiodes vind dan ook individuele kind-onderwyser-konferensies plaas wat verminderde kinderkommer, beter begrip en beter persoonlike verhoudinge tot gevolg kan hê. Opvoeding vind immers individueel plaas en nie in die bondel nie.[20] Benewens die waarneming op 'n vasgestelde tyd, sal die voog kinders te alle tye waarneem, máár hy moet aantekeninge van sy waarnemings oor elke kind maak.[21] Gedurende die voogperiode kan hy sommige waarnemings op kinders se voogstate aandui.

3. Dit blyk dus noodsaaklik te wees dat, om uitvoering aan voogonderwys in die Christelike skool te gee, voorsiening vir voogperiodes gemaak moet word.

F. <u>Vraag 6: Indien bevestigend, hoeveel tyd per week word daaraan bestee?</u>

Die tyd per week wat die 41 hoofde aan voogonderwys toewys, wissel van 10 minute tot 90 minute per week of 'n gemiddeld van 34,5 minute per week. Een van die hoofde maak slegs vir st. 3 en 4 voorsiening vir 'n voogperiode van 30 minute per week. Die 14 hoofde met grade in Opvoedkunde maak

19) Hoofde kan 'n skematjie saamstel met 'n reeks onderwerpe wat voogonderwysers gedurende die jaar met kinders kan bespreek, benewens die normale "kulturele" vorming van die kind soos dit uit alle lesse na vore kom.
20) Casavis, J.N. Principal's guidelines for action in parent conferences, p. 83. Vgl. ook: Kind-onderwyser-konferensie p. 226 hierbo.
21) Vedder, R. Observatie van kinderen, p. 7-11. Vgl. ook: Hurlock, Elizabeth B. Adolescent development, p. 341.

/286.

voorsiening vir gemiddeld 30 minute per week.[22]

G. Vraag 7: Word bepaalde voogstate of -vorms vir elke kind gehou?

In verband met voogstate lui departementele voorligting dat geen rekords "t.o.v. sy vooggroep gehou (hoef) te word nie. In buitengewone gevalle sal die byhou van rekords m.b.t. individuele leerlinge 'n nuttige doel kan dien en dit word vir oorweging aan hoofde oorgelaat".[23] Ook hier word die beginsel van plaasvervangende ouerskap,nl. belangstelling in élke kind en ook die opvoedkundige beginsel dat élke kind hulpbehoewend is, skynbaar oor die hoof gesien. In die Christelike skool behoort dit 'n beginsel- en gewetensaak te wees om ook wetenskaplik verslag te kan gee van die hele kind. Nie alleen word dit aan hoofde se oordeel oorgelaat of hulle rekords wil hou nie, maar dit word geïmpliseer dat net oor "probleemgevalle" rekord gehou moet word én, geen aan=duiding word gegee hóé die rekord daar moet uitsien nie. Talle hoofde het ook in hulle kommentaar leiding gevra i.v.m. 'n aanvaarbare voogvorm.

Hoofde se antwoorde op vraag 7 word in tabel 11 aan=gedui.

---

22) Vgl. p. 312 hieronder vir 'n moontlike oplossing van tyd wat aan voogperiodes toegeken kan word.

23) Vgl. paragraaf 10 van die Handleiding vir Skoolorganisasie, p. 118 - 123.

/287.

TABEL 11: Word voogstate vir elke kind aangehou?

| Getal antwoorde ontvang | Ja | Slegs st. 5 | Slegs probleem=gevalle | Slegs grade | Nee | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 273 | 144 | 3 | 5 | 3 | 118 | |
| Persenta=sie | 52,8 | 1,1 | 1,8 | 1,1 | 43,2 | 100 |
| Hoofde met grade in Opvoed=kunde 67 | 41 | | | | 26 | |
| Persenta=sie | 61,2 | | | | 38,8 | 100 |

Opmerkings:

1. Uit vraag 4 blyk dit dat 27,8% van die skole d.m.v. huis=besoek, vraelyste en samesprekings inligting oor kinders verkry. Uit tabel 11 blyk dit dat 52,8% van die skole wel voogstate van elke kind hou. Dit is dus waarskynlik dat die meeste inligting wat op voogstate voorkom t.o.v. die huislike agtergrond nie vanuit suiwer en vertroubare bronne voortkom nie. Anders gestel, sal baie van die inligting wat tot voordeel van die kind moet strek, nie die resultaat van sinvolle ouer-onderwyser=samesprekings wees nie.

2. Dit is ook beduidend dat 43,2% van die skole geen voogstate hou nie. Die byhou van voogstate is ŉ geweldige hulpmiddel vir elke voogonderwyser. Die waarnemings van die gr. 1-voog gaan saam met die kind na die gr.ii-voog, na st. 1, ens. Deur ŉ studie hiervan te maak het elke voog onmiddellik insig van elke kind se persoonlikheid, huislike omstandighede,

/288.

vermoëns, ens. en vergemaklik dit verdere samesprekings met ouers, asook verdere hulpverlening aan die kind.

3. Die vraag kan ook gestel word watter nut samesprekings werklik het as geen skriftelike besonderhede daarvan gehou word nie. Dit kan vir die betrokke voogonderwyser hoogstens vir n paar weke van waarde wees, waarna dit vergeet word terwyl die volgende jaar se voog die hele proses moet herhaal.

4. Dit blyk ook dat 7 skole wat nie van voogvorms gebruik maak nie, by vraag 5 aangedui het dat hulle wel vir voog= periodes op hulle roosters voorsiening maak.

5. Die 3 skole wat net vir st. 5 voogvorms aanhou, is waarskynlik n uitvloeisel uit die nuwe indeling van st. 5 as deel van die junior sekondêre fase waar dit noodsaaklik geword het om aan ouer- en kind n aanduiding te gee van die tipe skool om in st. 6 by te woon. Dit is ook moontlik dat die 3 skole wat slegs vir grade voogstate hou, dit doen vanweë die nuwe waarnemingsverslae wat in die grade vanaf 1 Januarie 1974 van toepassing is of dat hierdie verslae selfs met voogstate verwar word.[24)]

6. Uit tabel 11 blyk dit voorts dat 8,4% meer van die hoofde wat grade in Opvoedkunde het, wel van voogstate gebruik maak in vergelyking met hoofde wat nie nagraadse studie in Opvoedkunde gehad het nie. Dit wil voorkom of die studie van Opvoedkunde tog beter insig in die waarde van voog= onderwys meebring.

---

24) Vgl: Bylae A4, p. 422.

H. Vraag 8: Is ouer-onderwysersamesprekings volgens u oordeel belangrik?

Hoofde se antwoorde blyk uit tabel 12 soos volg te wees:

TABEL 12: Is ouer-onderwysersamesprekings belangrik?

| Getal antwoorde ontvang | Ja | Nee | Onseker | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|---|
| 273 | 262 | 3 | 8 | |
| Persentasie | 96 | 1,1 | 2,9 | 100 |
| Hoofde met grade in | | | | |
| Opvoedkunde 67 | 65 | 1 | 1 | |
| Persentasie | 97,0 | 1,5 | 1,5 | 100 |

Opmerkings:

1. Die oorweldigende meerderheid van hoofde, nl. 96%, beskou samesprekings as belangrik. Dit is tog beduidend dat 4% dit as onbelangrik ag of nie seker is dat dit belangrik is nie.

2. Hoofde met grade in Opvoedkunde sien ook die belangrikheid van samesprekings in, nl. 97%, terwyl 1 hoof meen dit is onbelangrik en 1 hoof onseker daaroor voel.

3. Hoewel 262 van die 273 hoofde samesprekings belangrik ag, word net by 15% van die skole vir voogperiodes voorsiening gemaak en word by 43,2% van die skole geen voogvorms vir kinders aangehou nie.

Vraag 8 moet ook in samehang met vraag 9 en 10 gesien word.

I. Vraag 9: Hoe dikwels vind samesprekings per jaar plaas?

Samesprekings by skole wissel van géén samesprekings tot een skool wat 8 keer per jaar samesprekings met ouers het.[25)] Die gemiddelde samesprekings vir die 273 skole is 2,3 keer per jaar. Dit kan afgelei word dat hoofde moeite doen om ouerbelangstelling in skole te bewerkstellig.

J. Vraag 10: Watter vorm neem dit by u skool aan?

Die vorms wat samesprekings aanneem, is net soos in die geval van vraag 4, uiteenlopend en bestaan dikwels uit verskillende kombinasies. In tabel 12 word dit in hoofgroepe aangedui.

TABEL 13: Vorms wat samesprekings by skole aanneem

| | Vorms wat samesprekings by skole aanneem | Getal skole |
|---|---|---|
| 1. | Ouerande | 146 |
| 2. | Oueraande en boekuitstallings | 94 |
| 3. | Individueel en oueraande | 5 |
| 4. | Oueraande, boekeuitstallings, ouers kom self rapporte haal | 4 |
| 5. | Samesprekings by skool | 6 |
| 6. | Moet hoof kom spreek | 4 |
| 7. | Persoonlike besoeke en ken mekaar in klein gemeenskappe | 3 |
| 8. | Ouers kom uit belangstelling | 3 |
| 9. | Algemene vergaderings | 2 |
| 10. | Geen bepaalde vorm nie(5) en toevallig (1) | 6 |
| | T O T A A L | 273 |

25) Hierdie skool bereik 85% van die ouers en slegs 25% van die ouers wie se kinders leer- of gedragsprobleme het.

/291.

Opmerkings:

1. By die oorweldigende meerderheid skole vind oueraande en boekeuitstallings of ŉ kombinasie daarvan, soos blyk uit items 1, 2, 3 en 4 plaas, nl. 249 of 91,2%.

2. By item 5 is die samesprekings eerder i.v.m. kinders wat leer- of gedragsprobleme het, want hoofde het geen aanduiding gegee dat samesprekings met al die ouers plaasvind nie.

3. Ook by items 6 tot 10 blyk dit dat samesprekings òf op ŉ losse basis geskied, òf dat dit meer met probleemgevalle te doen het.

4. Hoewel die meeste hoofde samesprekings met ouers as belangrik beskou, wil dit voorkom uit die wyse waarop same=sprekings wel plaasvind, of dit nie die trefkrag kan hê vir ouer, kind en onderwyser wat dit betekenisvol kan maak nie.

5. Die meeste byeenkomste van ouers en onderwysers is sosiaal van aard, waar ouers na kinders se werk kyk en bietjie met onderwysers gesels. Dit het sy waarde deurdat ouer en onderwyser mekaar nader leer ken en dit stimuleer ook die kind as hy weet dat sy ouers in sy werk en skool belangstel. Maar dit is te betwyfel of ouer en onderwyser met insig kan konfereer oor elke kind. Langdon en Stout[26)] sowel as Bailard en Strang[27] is die menings toegedaan dat hierdie soort byeenkomste eintlik die weg moet baan vir latere ouer-onderwyserkonferensies.

6. Met hierdie gesamentlike ouer-onderwysersamesprekings is dit ook bykans onmoontlik vir die voogonderwyser om aan=tekeninge van belangrike feite en indrukke vanweë die

---

26) Langdon & Stout, op. cit., p. 272.

27) Bailard & Strang, op. cit., p. 50.

/292.

samedromming van ouers te maak. Waar onderhoude gedurende skoolure gevoer is, het Bailard en Strang n.a.v. proefnemings gevind dat onderwysers minstens 10 - 15 minute nodig gehad het om hulle indrukke neer te skryf en hulle vir die volgende onderhoud voor te berei.[28)]

7. Die feit is dat die nood en behoefte van elke kind bepaal moet word. Kennis van die kind mag nie net op vae algemeenhede gebaseer wees nie, maar moet op 'n indringende studie, op 'n simpatieke beluistering van elke kind oor 'n lang tydperk gegrond wees. Die sukses sal afhang van deeglike voorligting aan kinders en hulle ouers.[29)] Die voogde moet sinvol kan kommunikeer en dit is nie moontlik as dit in die bondel geskied nie.

8. Juis omdat 96% van die hoofde samesprekings as belangrik beskou, is dit nodig dat duidelike leiding en opleiding voorsien moet word i.v.m. voogperiodes, voogstate en weten=skaplike samesprekings op inisiatief van die hoof en onder=wysers.

K. <u>Vraag 11: Watter persentasie ouers (gesinne) word naastenby per jaar so bereik?</u>

Een van die leemtes van die ondersoek is juis dat die getal ouers wat bereik word, nie wetenskaplik bepaal is nie maar op skatting berus. Uit hoofde se antwoorde is daar ook teen=strydige opgawes wat die bevindings minder wetenskaplik maak.

---

28) Ibid., p. 58 - 59.

29) Janson, J.A. Die taak van die primêre skool. Mondstuk, 2(2): 3 - 5, Augustus 1973. Vgl. ook: p. 159 hierbo.

'n Voorbeeld hiervan is 'n hoof wat sê dat die huislike agter= grond van kinders deur "waarneming, meelewing, huisbesoek en onderhoude met ouers by die skool" verkry word. Op vraag 9: "Hoe dikwels vind samesprekings per jaar plaas", is die antwoord: "Individueel, wanneer nodig" en op vraag 10 is die antwoord: "Ouers word skool toe ontbied." Maar tóg is die antwoorde op vraag 11 en 12 dat 100% van die ouers bereik word. Dan is daar ook plattelandse skole met koshuise wat slegs 5% van die ouers bereik en 13 plattelandse skole wat 100% van die ouers bereik.

Die gemiddelde getal ouers wat bereik word, is nietemin 62,1%. Dit kan as 'n verteenwoordigende getal beskou word. Dit dui daarop dat 'n goeie getal ouers graag met die skool tot voordeel van hul kinders wil saamwerk.

L. Vraag 12: Watter persentasie ouers (gesinne) van kinders met leer- en gedragsprobleme en wat swak presteer, word naastenby per jaar bereik?

Op hierdie vraag antwoord 46 van die hoofde dat hulle 100% van die gesinne bereik, terwyl 47 van 0 tot 10% van die gesinne bereik. Die gemiddeld van die 273 skole is 55,2%.

Opmerkings:

Van die hoofde wat 100% van hierdie ouers bereik, hou egter geen voogstate vir kinders aan nie. Dit beteken dat same= sprekings met ouers oor 'n kind in gr. i of ii of in st. 1 of 3 gevoer word, dat inligting wedersyds moontlik gegee en

ingewin word, maar dat hierdie gegewens nie aangeteken word vir die inligting van die huidige en veral ook die toekomstige klasonderwyser en -voog nie. Ook hier is spesifieke leiding noodsaaklik.

M. Vraag 13: Is u ten gunste van individuele ouer-onderwyser=samesprekings gedurende skoolure?

Hoofde se antwoorde op hierdie vraag word in tabel 14 aangedui.

TABEL 14: Hoofde se houding t.o.v. individuele same=sprekings gedurende skoolure

| Getal antwoorde ontvang | Ja | Nee | Onseker | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|---|
| 273 | 126 | 132 | 15 | |
| Persentasie | 46,1 | 48,1 | 5,5 | 100 |
| Hoofde met grade in Opvoedkunde 67 | 28 | 35 | 4 | |
| Persentasie | 41,8 | 52,2 | 6,0 | 100 |

Opmerkings:

1. Die meerderheid hoofde, nl. 53,9% is gekant teen of onseker oor ouer-onderwysersamesprekings gedurende skoolure. Dit geld ook vir 58,2% van die hoofde wat in besit is van grade in Opvoedkunde. Daar kan verskeie redes hiervoor bestaan, o.a.:

/295.

hoofde mag daarteen opsien om die samesprekings te organiseer;

die vrees vir "skooltyd" wat daarvoor afgestaan moet word;

die moontlikheid dat veral ouers van koshuiskinders die samesprekings moeilik kan bywoon;

die moontlike vrees dat ouers in die professionele en interne sake van die skool kan inmeng;

die moontlike vrees by onderwysers om met ouers samesprekings te voer;

onkunde oor die waarde van samesprekings.[30)]

2. Enkele van die 46,1% hoofde wat ten gunste van ouer-onderwyserkonferensies gedurende skoolure is, stel die voorbehoud dat dit slegs met ouers van "probleemgevalle" moet wees.

3. Volgens vraag 4 het dit geblyk dat 27,8% van die skole wel huisbesoek doen. Die meerderheid onderwysers doen dus nie huisbesoek nie, moontlik omdat die Departement en hulle hoofde dit nie as 'n vereiste stel nie, moontlik vanweë lang afstande en die onkoste wat dit meebring en moontlik omdat die meeste besoeke in die aand moet plaasvind en die personele van laerskole oorwegend uit dames bestaan, wat vir hulle fisiese gevare inhou.

4. Naas huisbesoek behoort ouer-onderwysersamesprekings gedurende skoolure die doeltreffendste metode te wees om aan plaasvervangende ouerskap en voogonderwys uitvoering te gee. Dit bring mee dat voogonderwysers afsonderlik met

---

30) Vgl. hoofstuk 5, p.183 - 265 oor al die aspekte van samesprekings.

ouers (gesinne) gesels. Met hierdie samesprekings is dit nie altyd moontlik vir álle ouers om gedurende skoolure hulle opwagting by skole te maak nie; daarom behoort onderwysers ook 'n paar middae en aande daarvoor af te staan. Dit behoort ook vir ouers van koshuiskinders moontlik te wees om 2 of 3 keer per jaar met onderwysers samesprekings te voer. Die vrees vir inmenging in 'n skool se professionele sake skyn ongegrond te wees. Inteendeel, daar behoort groter waardering van ouers se kant te wees vir wat skole werklik doen en probeer doen.

Studente behoort egter in tersiêre inrigtings die geleentheid te ontvang om praktiese ervaring met onderhoudvoering op te doen.

N. Vraag 14: Het u enige kollege- of universiteitsopleiding in voogonderwys gehad?

Hoewel voogonderwys eers in 1963 ingestel is[31] dui 7 van die 273 hoofde aan dat hulle wel opleiding in voogonderwys gehad het. Die meerderheid hoofde, nl. 266 of 97,4% het egter geen opleiding in hierdie belangrike aspek van die opvoeding en onderwys gehad nie.

Die feit dat voog- en voorligtingonderwys ook nog nie die onderwerp van 'n hoofdesimposium of oriënteringskursus was nie, verklaar moontlik waarom voogonderwys nie die noodsaaklike aandag wat dit verdien, ontvang nie.

31) Vgl. T.O.D. Omsendbrief 12 van 9 Februarie 1963.

<u>Opmerkings:</u>

Die 7 hoofde wat wel opleiding in voogonderwys gehad het se hantering van die voogstelsel word ook nader toegelig.

1. Drie van die hoofde is hoofde van Pl-skole, 3 van Plll-skole en 1 van 'n PIV-skool.

2. Wat kwalifikasies betref, beskik 1 hoof oor 'n B.Ed.-, 1 oor 'n D.Ed.-, 1 oor 'n D.Phil.-, 1 oor 'n B.A. Honns.- en 1 oor 'n B.A.-graad en 2 oor T.O.D.'s.

3. T.o.v. vrae 1, 2 en 3 is almal positief behalwe vir een hoof wat onseker voel oor vraag 1.

4. Op vraag 4 hoe inligting oor kinders se agtergrond verkry word, meld twee hoofde dat dit o.a. deur middel van vraelyste verkry word, verder ook deur huisbesoek waar moontlik, oueraande en boekeuitstallings en onderhoude by die skool.

5. Net één van die 7 hoofde maak vir 'n voogperiode voor= siening. Die een hoof wat wel vir 'n voogperiode voorsiening maak, bestee een uur per week daaraan.

6. Op vraag 7 antwoord 5 hoofde dat hulle wel van voogstate gebruik maak terwyl 2 dit nie gebruik nie.

7. Al sewe hoofde ag samesprekings belangrik.

8. Op vraag 9 dui hierdie hoofde aan dat samesprekings van 2 tot 4 keer per jaar plaasvind.

9. In antwoord op vraag 10 dui hulle aan dat samesprekings met oueraande en boekuitstallings plaasvind.

/298.

10. N.a.v. vraag 11 dui die hoofde aan dat hulle die volgende persentasie ouers bereik: 50, 70, 85, 80, 75, 30 en 90. ŉ Gemiddeld van 68,6%.[32)]

11. Die persentasie ouers van kinders met "probleme" wat bereik word, word soos volg aangedui: 10, 15, 99, 80, 80, 5 en 100. ŉ Gemiddeld van 55,6%.[33)]

12. Vier van die hoofde is ten gunste van individuele ouer-onderwysersamesprekings gedurende skoolure, terwyl 3 daarteen gekant is.

13. Een hoof het in sy kommentaar by vraag 18 opgemerk dat voogonderwys meer bedoel is vir groter laerskole.

14. Hoewel hierdie hoofde opleiding in voogonderwys gehad het, volg dit oorwegend dieselfde patroon van die antwoorde van die ander 266 hoofde.

O. <u>Vraag 15: Watter getal uit die totale aantal lede van u personeel het in voogonderwys ŉ grondige opleiding gehad?</u>

Uit die gegewens wat van hoofde verkry is, is dit duidelik dat opleiding in voogonderwys by onderwyskolleges waarskynlik nie deeglike aandag ontvang nie. In hoofstuk 2[34)] is reeds aangedui dat, hoewel voogonderwys in 1963 ingestel is, daar nooit ŉ opvolgende omsendbrief was wat aandui dat die

---

32) Die gemiddeld vir 273 skole is 62,1%, vgl. p. 293 hierbo.
33) Die gemiddeld vir 273 skole is 55,2%, vgl. p. 293 hierbo.
34) Vgl. p. 35 hierbo.

voogstelsel as beleid in Transvaalse skole aanvaar is nie. Eers op 23 Oktober 1967 blyk dit dat onderwyskolleges waarskynlik in 1963 met opleiding van studente in voogonderwys moes begin het.[35] Kolleges kan dus nie sonder meer verwyt word dat hulle fouteer het nie. Dit is huidig nietemin die ervaring dat daar nie van studente verwag word om verslae oor skole se voogstelsels te skryf nie, of dat in vertroulike verslae melding van studente se moontlikhede as voogde gemaak moet word nie.

Van die 4 032 onderwysers wat by die 273 laerskole diens doen, het slegs 88 of 2,2% grondige opleiding in voogonderwys gehad. Dit kom dus daarop neer dat die sukses van die voog- en voorligtingsprogram in elke skool uitsluitlik op die hoof se skouers rus. Hy moet aan elke onderwyser voorligting en onderrig gee in die lig wat hy self het.

P. <u>Vraag 16: Is u ten gunste van in-diens-opleiding van onderwysers om hulle te bekwaam in sekere aspekte van die Opvoedkunde en wat n kategorieverhoging kan meebring?</u>

Die strekking van die vrae in die vraelys behoort te bevestig dat die "sekere aspekte" van Opvoedkunde beslis voogonderwys en ouer-onderwysersamesprekings moet insluit.

Hoofde se antwoorde word in tabel 15 aangedui.

---

35) Vgl. T.O.D. Omsendbrief 120 van 23 Oktober 1967.

TABEL 15: Menings van hoofde in sake in-diens-opleiding in Opvoedkunde

| Aantal antwoorde ontvang | Ja | Nee | Onseker | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|---|
| 273 | 255 | 5 | 13 | |
| Persentasie | 93,5 | 1,8 | 4,7 | 100 |
| Hoofde met grade in Opvoedkunde 67 | 65 | 1 | 1 | |
| Persentasie | 97,0 | 1,5 | 1,5 | 100 |

Opmerkings:

1. Van die 273 hoofde is die meeste hoofde, nl. 93,5%, ten gunste van die opleiding van diensdoende onderwysers in sekere aspekte van die Opvoedkunde. Van die 67 hoofde wat grade in Opvoedkunde het, is slegs één daarteen en één is onseker, terwyl dit ook 97% se instemming geniet dat opleiding wenslik is.

2. Tans kan onderwysers d.m.v. in-diens-opleiding in sekere skaars vakke hoër diplomas verwerf d.w.s. van T.L.O.D. tot T.O.D. en van T.O.D. tot T.H.O.D. Uit hoofde se antwoorde is dit duidelik dat hulle as professionele leiers van hulle skole die behoefte aan opleiding in Opvoedkunde ernstig aanvoel. Dit is 'n saak wat dringende aandag van die owerhede vereis. Meer as 70% van die laerskoolonderwysers beskik oor professionele opleiding van 3 jaar en minder. Nie alleen sal die onderwysberoep 'n beter opgeleide personeel hê as aan hierdie saak uitvoering gegee word nie, maar sal 97,8% van die onderwysers in die vraagbrief beter toegerus wees vir hulle opvoedingstaak om aan elke kind reg te laat geskied.

3. Die studie in Opvoedkunde hoef ook nie noodwendig in-diens-opleiding te wees nie. Oorweging kan geskenk word aan na-uurse opleiding by kolleges en universiteite, asook aan korrespondensiekursusse by kolleges en universiteite. Die grondslag moet egter vanuit die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing spruit sodat daar prakties aan Wet 39 van 1967 uitvoering gegee kan word. Ook met die oog op volksopvoeding en volksverheffing mag hierdie saak nie sloer nie.

Q. <u>Vraag 17: Het u n ouer-onderwysersvereniging aan u skool?</u>

Die oogmerk met hierdie vraag was om te bepaal by hoeveel skole ouer-onderwysersverenigings bestaan, maar nie om vas te stel in watter mate hierdie verenigings aan hulle doel beantwoord nie. Dit word beweer dat ouer-onderwysersverenigings by baie skole bloot bestaan as liggame wat fondse moet insamel. Volgens die modelkonstitusie van n ouer-onderwysersvereniging[36] kan hierdie liggaam doeltreffend aangewend word vir samewerking tussen ouers onderling, tussen ouers en onderwysers, om toesprake oor opvoedkundige en ander sake te reël, om die skool in buitemuurse bedrywighede behulpsaam te wees, om sosiale klubs te stig, om klasse vir stokperdjies te reël, ens.

In tabel 16 word hoofde se antwoorde aangedui.

---

36) Die skoolkomitee en sy betekenis, T.O.D., p. 21 - 22.

TABEL 16: Ouer-onderwysersverenigings by skole

| Getal antwoorde ontvang | Ja | Nee | Persentasie totaal |
|---|---|---|---|
| 273 | 191 | 82 | |
| Persentasie | 69,9 | 30,1 | 100 |
| Hoofde met grade in Opvoedkunde 67 | 53 | 14 | |
| Persentasie | 79,1 | 20,9 | 100 |

Opmerkings:

1. 'n Groot getal skole het ouer-onderwysersverenigings, nl. 69,9% van die 273 skole. By hoofde wat oor grade in Opvoedkunde beskik, is daar nog meer ouer-onderwysersver= enigings, nl. by 79,1% van hulle skole. Uit die antwoorde blyk dit dat by baie Plll- en IV-skole waar die gemeenskappe klein is en "almal mekaar ken," ouer-onderwysersverenigings nie bestaan nie.

2. Ouer-onderwysersverenigings en hulle doelstellings en take kan ook vrugbaar as tema in 'n opvoedkundekursus aange= wend word, veral omdat hierdie verenigings ook 'n forum is waar leiers onder ouers ontdek en opgelei kan word en waar nuttige besprekings oor talle onderwerpe gevoer kan word.

R. Vraag 18: Kommentaar

Dit het hoofde vrygestaan om oor enige aspek van voogonderwys kommentaar te lewer. Baie het ook van die geleentheid

/303.

gebruik gemaak om kritiek, kommer en besorgdheid hieroor uit te spreek, maar ook wenke ter bevordering daarvan.

Kommentaar wat gelewer is, kan in twee hoofgroepe verdeel word, nl. die wat negatief-krities is, wat van oningeligt=heid en selfs onkunde getuig, en dié groep wat positief-krities en opbouend staan. Laasgenoemde groep is in die meerderheid.

1. <u>Negatief-krities</u>

Dit is nie moontlik om individuele hoofde se kommentaar altyd te vergelyk nie, maar daar is talle weersprekings soos weldra sal blyk.

a. Vir 80% van die kinders is voogonderwys nie nood=saaklik nie, maar vir swakpresteerders is dit van baie waarde. Sommige hoofde sê dat dit van waarde is vir st. 4- en 5-leerlinge in die keuse van vakke, maar nie vir die laer klasse nie. Voogonderwys op plattelandse skole is oorbodig en van min belang, want onderwysers ken elke kind se ouers en huislike omstandighede. Daarom is dit net nodig vir stedelike skole. ꞌn P11-hoof met 485 leerlinge kan nie insien dat die voogstelsel op "kleiner" skole van toepassing is nie, terwyl ꞌn paar hoofde weer sê dit raak eintlik net P1-en 11-skole. Nog ꞌn hoof verlang praktiese bewyse dat die stelsel in ꞌn behoefte voorsien.

b. Een hoof sê dit is vernederend vir die onderwyser en ook nie sy taak nie, om soos ꞌn partyorganiseerder agter

/304.

ouers aan te ry. Die hoof se kantoor is die enigste plek vir dié soort samesprekings. Ander hoofde vra waarom die Departement nie onderwysers se reiskoste met huisbesoek kan betaal nie. Dit is ook nie die taak van die onderwyser nie, maar van ouers om die hoof oor probleme in te lig.

Die onderwyser is nie 'n sosiale werker nie. Hy leer in elk geval die kind se huislike agtergrond ken d.m.v. die kind se voorkoms, taalgebruik en wóónadres.

'n Spesifieke voogperiode of spesiale voog is onnodig en oorbodig, omdat die onderwyser deurentyd as voog optree, op hoogte van sake is en bereid is om te help waar probleme opduik. Met vakonderwys het elke onderwyser sy klas vir minstens een en 'n half uur per dag, wat voldoende is en 'n spesiale voogperiode onnodig maak.

2. <u>Oningeligtheid of onkundigheid</u>

Die kommentaar wat volg, sluit by die vorige paragraaf aan. Die laerskoolkind is nie so toegewys op 'n voog as die hoër= skoolkind nie. Voogonderwys is so oud soos die onderwys self. Die wagwoord is "ken jou kinders" en dit is niks anders as voogonderwys nie. Die onderwyser is daagliks daarmee besig, hetsy georganiseerd of andersins. Te veel ánder dinge soos voogonderwys, word op die onderwyser gelaai, sodat wérklike <u>onderwys</u> skade ly.

Etlike hoofde sê dat voogvorms net vir kinders met probleme voltooi moet word, terwyl ander sê dat vorms invul onnodig is -

/305.

dit is net administratiewe oorbelading.

Een hoof is bevrees dat met voogonderwys te kenne gegee word dat ŉ mosie van wantroue in die ouers gestel word as sou hulle onbekwaam wees om opvoedingswerk en karakter=bouing te behartig en dat só ŉ sosialistiese kommunistiese beleid toegepas word.

3. <u>Opmerkings</u>

Uit die voorgaande kommentare wil dit voorkom dat van die hoofde eerstens nie ŉ goeie begrip van plaasvervangende ouer=skap en voogskap het nie, en tweedens dat plaasvervangende ouerskap en voogskap juis begrip van elke kind in die Christelike skool vereis. Dit is moontlik dat 80% van die kinders nie leer- of gedragsprobleme het nie, maar dit is onmoontlik dat hulle nie persoonlike behoeftes, probleme, aandag en belangstelling nodig het nie. In hierdie verband sê D'evelyn dat die onderwyser slegs die individuele kind se geluk, sy moeilikhede en gedrag kan peil wanneer hy die vier vlakke van sy lewe - fisies, sosiaal, emosioneel en intellektueel - intiem ken.[37)]
Voogonderwys en voorligtingonderwys word ook verwar. Die st. 5-kind het voorligting nodig t.o.v. skole en vakkeuses, maar voogonderwys is altyd onderliggend, juis ook ter wille van die voorligting. Voorligting geld ook vir <u>ouers</u> van alle kinders in die laerskool.[38)]

---

37) D'evelyn, Katherine E. Individual parent-teacher conferences, p. 14. Vgl. ook: hoofstuk 4, p. 102 - 182 hierbo.

38) Vgl. Jansen, p. 159 hierbo.

Die "klein" skool, die plattelandse, dorps- of stedelike skool is almal ingerig vir die opvoeding en onderwys van elke kind - elkeen het dus die persoonlike aandag van 'n voogonderwyser nodig.

Die onderwyser wat dit as vernederend ag om met die natuur=like voog van 'n kind te gesels deur hom te besoek, het waarskynlik min idealisme of roepingsbewustheid. Die Departement stel huisbesoek ook nie as 'n vereiste nie en onderneem ook nie om reiskostes in hierdie verband te betaal nie.

Die onderwyser as volksopvoeder tree altyd hervormend op, veral ook op sosiale gebied in sy gemeenskap. Dit klink nie goed dat 'n hoof sou sê 'n onderwyser is nie 'n sosiale werker nie, en dit is eintlik ligsinnig en onverantwoordelik om 'n kind se agtergrond bloot op sy voorkoms, taalgebruik en woonadres te beoordeel. Dit kán aanduidings van sy agter=grond wees, maar sy woonadres maak nog lank nie van 'n kind 'n swak mens nie. Elke kind is 'n kosbare siel en deur sy agtergrond te bepaal is dit juis nodig om as Christenopvoeder hom te lei deur die voorbeeld.

Die kommentaar dat 'n voogperiode en spesiale voog onnodig is, dat die vakonderwyser voldoende tyd het om aandag aan kinders te gee, dat dit eerder die hoërskoolkind is wat voogonderwys nodig het, die ou storie dat ons nog ál die jare voogonderwys gehad het[39] en dat werklike onderwys skade ly, spruit eners=syds waarskynlik uit gebrekkige opleiding en gebrekkige

39) Vgl. ook T.O.D. Omsendbrief 12 van 1963 soos aangehaal in hoofstuk 2, p.20 hierbo.

voorligting deur die Departement, en andersyds uit onkunde of ŉ gebrek aan roepingsbewustheid en insig in die individu= ele kind se nood. Dit wil ook voorkom of "werklike onderwys" voorrang in sommige skole geniet, m.a.w. die verstandelike ontwikkeling, en dat die opvoeding en ontwikkeling van die hele kind skade ly.

Dit is moeilik om ŉ mens in die posisie in te dink dat ŉ kind wat gedurende sy laerskoolloopbaan minstens sewe verskillende onderwysers het, deur elke voogonderwyser as individu geken kan word sonder dat skriftelike gegewens d.m.v. ŉ voogstaat oor hom gehou word. Vir wetenskaplike waarneming en same= sprekings op ŉ Christelike grondslag blyk voogvorms onontbeerlik te wees.

Die hoof wat sy vrees uitspreek dat déúr voogonderwys die gevaar vir ŉ sosialisties-kommunistiese beleid bestaan, behoort die saak in perspektief te sien, nl. dat ouer en onderwyser as die belangrikste vennote in die opvoeding en onderwys van die kind juis aan die Afrikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing beslag wil gee.

Hoofde wat die verskillende voorafgaande menings daarop nahou, sal uit die aard van hulle professionele en ander leiding ŉ stempel op hulle personele afdruk. Hulle is verantwoordelik vir die vorming en ontwikkeling van elke onderwyser en dit kan die opvoeding en onderwys waarskynlik tot groot nadeel strek.

Die meeste hoofde wat kommentaar gelewer het, staan positief t.o.v. voogonderwys en is meesal in hulle kommentaar ŉ

/308

teëspreking van die voorafgaande menings.

4. <u>Positief-kritiese en opbouende kommentaar</u>

a. <u>Behoefte aan leiding</u>

Talle hoofde spreek hulle sterk uit ten gunste van meer leiding en vaste riglyne deur die owerheid. Opleiding in voogskap en die praktiese toepassing daarvan is uiters noodsaaklik. Voogonderwys word beskou as een van die noodsaaklikste en belangrikste aspekte van die onderwysprogram, maar dit kom nie tot sy reg nie omdat daar nie behoorlik voorsiening gemaak word vir die implementering van die planne nie. Ook vra hoofde vir 'n beproefde voogvorm.

<u>Opmerking</u>

Dit is duidelik dat hierdie hoofde nie die mening huldig dat daar nog maar altyd voogonderwys in Transvaalse skole was nie.

b. <u>Goed opgeleide, idealistiese en geroepe personeel</u>

Die kind moet na sy voogonderwyser as plaasvervangende ouer kan gaan met sy probleme en moeilikhede. Is elke onderwyser nog idealisties en geroepe? Kan hy as plaasvervangende ouer optree? Kan kinders aan 'n voog toevertrou word as sy godsdienstige oortuigings en beskouings radikaal van die kinders en hulle ouers s'n verskil? Hoofde vra dat diensdoende onderwysers opleiding in voogonderwys moet ontvang en dat studente se opleiding intensiewer kindgerig moet wees, sodat hulle kinders se

probleme kan raaksien en kan oplos. Vir die goedopge= leide persoon is die kind se probleem opvallend, maar baie onderwysers sien dit nie raak nie.

Opmerking

Dit is by hoofde nie net 'n behoefte dat hulle sélf voor= ligting i.v.m. voogonderwys moet ontvang nie, maar ook dat oriënteringskursusse vir diensdoende personeel noodsaaklik is. Kursusse oor elke vak in die laerskool is al gehou, maar oor voogonderwys as een van die belang= rikste fasette van die Christelike Opvoedkunde in 'n tydsbestek waar voorligting 'n diepgevoelde behoefte is, is nog nie 'n kursus aangebied nie. Ook in tersiêre inrigtings moet meer kindgerigte deskundigheid aandag geniet, met waarskynlik ook meer motivering tot roepings= bewustheid.

c. Die ouer en die noodsaak van oueropvoeding

Baie van die hoofde is dit eens dat die huis die natuurlike opvoedingsmilieu vir die kind is. In die huidige sosiale struktuur neem die skool al meer die primêre opvoedingstaak van die huisgesin oor, en rus die opvoedingstaak in baie gevalle heeltemal op die skouers van die onderwyser. Die gevaar bestaan dat steeds meer ouers hulle doopbelofte op die skool gaan afskuif. Hoofde is dit ook eens dat ouers hulp en leiding i.v.m. die opvoedingstaak van hulle kinders verwelkom en dat oueropvoeding noodsaaklik is. Sonder die nouste samewerking tussen huis en skool en in besonder ook tussen voogonderwyser en die ouers van sy

/310.

leerlinge, is die moontlikheid groot dat ware opvoeding in duie sal stort en dat van voogonderwys min tereg sal kom.

Opmerking

Een hoof beweer dat ongeveer 10% van die ouers antagonisties teenoor die skool staan en dat hulle kinders ongemotiveerd is. Dit kan aanvaar word dat, as voogonderwys en voorligting werklik tot sy reg kom, dit 'n magtige wapen in ouer- en volksopvoeding kan wees.

d. Noodsaak van voogonderwys

Etlike hoofde spreek hulle verontrusting uit oor die oorbeklemtoning van akademiese opleiding van kinders en buitemuurse prestasies. Dit wek die indruk van min kommer oor die kind se innerlike gevoelens. Dit is noodsaaklik dat die voogonderwyser meer moet weet van die kind self, sy persoonlikheid, sy geluk, sy persoonlike en leerprobleme, sy ideale, ens. Daar moet 'n vertrouens=verhouding tussen hom en die kind opgebou word. Met al hoe meer gebroke gesinne en huislike probleme, steun talle kinders swaar op die vriendskap en liefde van onderwysers. Al die omstandighede verleen aan voogonderwys groter belangrikheid. Dit is noodsaaklik dat ouers, onderwysers en kinders mekaar ken, mekaar verstaan én mekaar respekteer.

/311.

e. Sommige probleme wat voogonderwys bemoeilik

Skole met koshuise vind dit moeilik om ouers te bereik omdat in baie gevalle 50% en meer van die ouers buite die skole se voedingsgebiede val. Die kinders van hierdie ouers kom hoofsaaklik uit ontwrigte gesinne. Een P11-hoof het bv. 285 koshuisleerlinge waarvan 80% uit gebroke gesinne afkomstig is. Hy stel dit so: "Elke probleem wat by die kind opduik, is a.g.v. ŉ probleemouer of ouerprobleem".

Een groot stedelike skool met meer as 800 leerlinge het bv. ŉ wisseling van 70% van die leerlinge per jaar. In talle stedelike skole is daar ŉ groot wisseling van die skoolbevolking. Dit is ŉ sosio-ekonomiese toestand wat ook ernstige kultuurgodsdienstige probleme skep en die skool se taak om hervorming en leiding te gee word baie bemoeilik. Voogonderwys word a.g.v. hierdie hewige en voortdurende verwisseling baie bemoeilik.

Opmerking

Juis omdat daar in baie skole, veral in die Witwatersrand-Pretoria-Vaaldriehoekgebied, so ŉ groot verskuiwing van kinders plaasvind, is dit noodsaaklik dat ŉ standaard voogvorm ontwerp behoort te word en wat saam met kinders se Ed.Lab.-kaarte na die volgende skool moet gaan. Dit behoort die voogonderwyser se taak te vergemaklik, met besliste voordele vir die kind.

/312.

f. Die skoolrooster

Dit word verwag dat benewens korrektiewe hulp wat elke klasonderwyser daagliks aan kinders verleen, daar ook periodes vir remediërende onderrig afge= staan moet word. Van die hoofde is van mening dat voogonderwys nie tot sy reg kom nie, juis ook vanweë ŉ oorvol rooster.

Opmerking

Uit vraag 6[40] het dit geblyk dat die gemiddelde tyd wat spesifiek aan voogonderwys bestee word 34,5 minute per week is. ŉ Moontlike oplossing is om die skool 5 minute vroeër te laat begin en dit met ŉ "voedings= periode" van 5 minute vóór eerste of tweede pouse te kombineer. Op dié wyse het die voog 5 10 minute periodes per week. Die voedingsperiode is ŉ gedeelte van ŉ pouse wat in elk geval vir "eet" deur kinders aangewend word. In die klaskamer word ŉ dankgebed vir die voedsel gedoen en ŉ huislike atmosfeer word geskep vir die ouer-kind-verhouding tussen voogonder= wyser en kind.

g. Kleiner klasse

In samehang met die rooster en beskikbare tyd voel talle hoofde baie ernstig oor personeelvoorsiening. Die ideaal skyn te wees om 25 kinders per klas te hê. Dan kan meer individuele aandag aan kinders en hulle probleme gegee word en dit sal ŉ positiewe uitwerking op die op= voeding van die héle kind hê. Hoofde verlang ook ŉ

---

40) Vgl. p. 285 hierbo.

/313.

algehele herwaardering van die onderwyser t.o.v. beskik= bare tyd per leerling en voorbereidingstyd-per-les gedurende skoolure.

Opmerking

Dit is 'n ideaal wat meriete het. Dit wil egter voorkom of die Republiek 'n groter mannekragtekort, ook op onderwysgebied, tegemoetgaan vanweë die verwikkelinge in Mosambiek, Angola en Rhodesië. Dit lyk waarskynlik dat S.A. in die Noorde 'n 4 000 km-lange grens teen terroriste sal moet beskerm, wat tienduisende manne uit ekonomiese aktiwiteite sal onttrek, baie waarvan andersins onderwysers sou gewees het.

'n Moontlike oplossing skyn eenvoudig langer skoolure te wees, met die bestaande personeelvoorsiening, waartydens onderwysers hulle voorbereiding en kontrole kan doen, asook hulle buitemuurse bedrywighede, same= sprekings met ouers, voogonderwys in al sy konsekwensies, ens.

## S. SLOTSOM

Die geheelindruk en afleiding wat gemaak kan word uit vrae C1 tot C18 van die vraelys is dat daar baie onduidelikheid by talle hoofde oor die voorligtingsprogram in laerskole heers. Of dit hoofde met grade in Opvoedkunde is en of dit hoofde is wat opleiding in voogonderwys gehad het, as geheel is die indruk dat die waarde en belangrikheid van

/314.

hierdie opvoedingsaspek in die Christelike skool nie na waarde prakties toegepas word nie. Potgieter het in sy navorsing bevind dat voogonderwys die laaste van 25 onderwerpe is wat met hoofdekursusse behandel kan word, toe hoofde 25 verskillende onderwerpe in volgorde van belangrikheid moes plaas.[41] Dit skep onteenseglik die indruk dat voogonderwys as uiters onbelangrik beskou word. Wanneer hoofstukke 3, 4 en 5 in samehang gelees word, wil dit voorkom of hierdie belangrike opvoedingsaspek wat eintlik die grondslag van die Christelike onderwys is, erg verwaarloos word.

## V. BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

Na aanleiding van die doelstellings wat met hierdie vraelys beoog is en die bevindings wat verkry is, kan die volgende aanbevelings gemaak word:

A. Hoofde van Afrikaanse laerskole is goed gekwalifiseer. Van die 273 hoofde wat die vraelys beantwoord het, beskik 38 oor die minimum kwalifikasies vir die poste wat hulle beklee, nl. kategorieë B en C. Daar is dus 235 hoofde wat in kategorie D of hoër is en 59 wat besig is met verdere studie. Hoofde ontvang geen finansiële vergoeding vir hierdie beter kwalifikasies nie. Potgieter het in sy bevindings

41) Potgieter, op. cit., p. 302.

aanbeveel dat hoofde wat hulle beter kwalifiseer in veral Opvoedkunde, vergoeding daarvoor behoort te ontvang.[42) ] Dit is jammer dat daar nie nou aan sy aanbeveling uitvoering gegee is nie. Waar daar wel tot by vise-hoof groter erkenning vir kwalifikasies deur ekstra salariskerwe toegestaan word, behoort die erkenning ook tot hoofde uitgebrei te word.

B. Uit die beantwoording van die vrae wil dit voorkom of die T.O.D. ook skuld daaraan het dat daar nie volkome uitvoering aan voogonderwys in die laerskool gegee word nie:

eerstens omdat daar uit die verskillende omsendbriewe onduidelikhede spreek;
tweedens omdat voogonderwys nog nie die onderwerp van hoofdesimposiums gewees het nie;
derdens omdat geen oriënteringskursusse in hierdie verband gereël is nie;
vierdens omdat opleiding van studente in voogonderwys nie bevredigend verloop nie en
vyfdens omdat daar van departementsweë waarkynlik nie voldoende kontrole en aanmoediging skyn te wees dat voogonderwys toegepas moet word nie.

C. Die oorweldigende meerderheid hoofde is ten gunste van in-diens-opleiding van diensdoende onderwysers in Opvoedkunde wat voogonderwys en ouer-onderwysersamesprekings insluit.

---

42) Ibid., p. 329.

/316.

D. Ouers word by die meerderheid skole d.m.v. ouer-onder=wysersverenigings by skoolaktiwiteite betrek. Dit is meesal net by kleiner skole waar hierdie verenigings nie bestaan nie.

E. Hoofde besef oorwegend die belangrikheid van voogonderwys en het 'n ernstige behoefte aan voorligting, aan duidelike leiding en aan 'n aanvaarbare voogvorm vir die gebruik van individuele leerlinge.

F. Hoofde is skynbaar huiwerig om ouer-onderwysersamesprekings gedurende skoolure te laat plaasvind. Dit is egter noodsaak=lik om met ouers te kommunikeer. Dit is prakties uitvoerbaar.[43]

G. Aanbevelings

Die volgende sake word vir ernstige oorweging deur die owerheid aanbeveel:

1. dat voog- en voorligtingonderwys in die Christelik-nasionale skool die enkele onderwerp van 'n hoofdesimposium moet wees;

2. dat oriënteringskursusse oor die Christelike Opvoedkunde met voog- en voorligtingonderwys as belangrike onderwerp gereël moet word;

3. dat alle diensdoende onderwysers d.m.v. in-diens-opleiding, na-uurse klasse of korrespondensiekursusse die geleentheid gegee moet word om hoër professionele

---

43) Vgl. paragraaf VI, p. 317 - 329 hieronder.

kwalifikasies te verwerf in die Christelike Opvoedkunde met voog- en voorligtingonderwys as o.a. 'n onderwerp;

4. dat studente grondiger in voogonderwys met al sy implikasies in die Christelike Opvoedkunde opgelei word;

5. dat groter en diepergaande kontrole uitgeoefen word deur inspekteurs van onderwys in voogonderwys en die toepassing daarvan in die Christelik-nasionale skool.

## H. Algemeen

In die opvolgende paragrawe word die verloop van 'n proef= neming hoe ouer-onderwysersamesprekings i.v.m. die vordering van alle kinders gedurende skoolure uitgevoer is, aangetoon. Aandag word ook gegee aan groepskonferensies, die sogenaamde onderwyserswerkwinkel, 'n stelsel hoe elke kind aan sport= bedrywighede kan deelneem en 'n voogvorm wat as leidraad in die voogstelsel kan dien.

# VI. OUER-ONDERWYSERSAMESPREKINGS OOR VORDERINGSVERSLAE SOOS DIT IN 'N VOORSTEDELIKE LAERSKOOL IN TRANSVAAL TOEGEPAS IS

## A. INLEIDING

Navorser het in 1973 by 'n vorige skool die kwessie van konfe= rensies oor vorderingsverslae op die proef gestel. I.p.v. om rapporte aan ouers te stuur moes hulle dit self by die skool kom afhaal en het daar hoofsaaklik gedurende skoolure samesprekings plaasgevind.

/318.

## B. DOEL VAN DIE PROEFNEMING

Dit moet gemeld word dat die proefneming nie tot al sy konsekwensies uitgevoer kon word nie vanweë navorser se oorplasing na ṉ ander skool.

Die doelstellings was soos volg:

1. om groter samewerking tussen huis en skool te verkry tot groter voordeel van elke kind;

2. om onderwysers as voogde tot groter begrip van hulle opvoedingstaak en roeping te probeer lei;

3. om as ṉ verdere stap te dien tot volksopvoeding waar ouer en voogonderwyser die Afrikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing prakties kan belewe tot doeltreffender ontwikkeling van elke kind;

4. om ouers tot groter begrip van die skoolprogram van ṉ Christelik-nasionale skool te probeer lei.

## C. BESTAANDE OMSTANDIGHEDE EN VOORBEREIDENDE STAPPE

### 1. Bestaande omstandighede

a. Die skoolgemeenskap het uit 210 gesinne, 310 leerlinge en 11 klasonderwysers bestaan.

b. Verder was die ouergemeenskap, met die oog op daadwerklike deelname aan skoolaktiwiteite, georganiseer in ṉ skoolkomitee, ṉ ouer-onderwysersvereniging en 11 klaskomitees. Daar was talle subkomitees soos ṉ ontvangs- en onthaalkomitee,

/319.

ouers wat in die biblioteek gehelp het en wat met die afrigting van volkspele, atletiek en tennis gehelp het.

c. Huisbesoek is gereeld gedurende die eerste 3 - 4 weke van elke jaar deur onderwysers gedoen. Gedurende 1972 en 1973 het skoolkomiteelede ook uit eie wil alle nuwe ouers by hulle huise gaan besoek.

d. Ouer-onderwyservergaderings is minstens twee keer per jaar gehou en klaskomitees het gereeld gedurende die jaar bymekaar gekom.

e. Oueraande en boekuitstallings is vier keer per jaar gehou.

f. Byeenkomste van kulturele aard het gereeld plaasgevind.

g. Alle ouers van nuwe gr.i-leerlinge is gereeld gedurende die vierde kwartaal van die vorige jaar georiënteer.

h. Voogstate oor elke kind is gehou, voortdurend deur die hoof gekontroleer en wat elke kind vergesel het na die volgende voogonderwyser.

i. Individuele samesprekings tussen onderwysers en ouers, waar die hoof ook dikwels teenwoordig was, is by talle geleenthede gedurende skoolure gevoer.[44)]

2. <u>Voorbereidende stappe</u>

Die belangrikste taak was om elke onderwyser positief t.o.v. hierdie tipe konferensie ingestel te kry.[45)]

---

44) Vir verdere besonderhede word die leser verwys na Scholtz, I.P. Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys.

45) Ibid. Vergelyk talle inligtingstukke wat aan onderwysers beskikbaar gestel is.

a. Vir hierdie proefneming was onderwysers reeds goed georiënteer t.o.v. al die departementele en ander vereistes van voogonderwys en het skriftelike same=vattings daarvan in hulle besit gehad. Verder was hulle ook vertroud met die doelstellings van die Christelik-nasionale skool, met die feit dat die onderwyser vir die kind ook godsdienstige, volks- en kultuurleier, ens. is.

b. Twee afgerolde dokumente is aan onderwysers beskikbaar gestel. Albei het verdere leiding oor voogonderwys, same=sprekings en die kind gegee. Die een dokument, bestaande uit 19 getikte folios, was 'n samevatting van Casavis, Langdon en Stout, D'evelyn en Bailard en Strang se idees oor samesprekings. Die ander dokument was opsommenderwyse 'n samevatting van R. Vedder se Observatie van kinderen.[46)]

c. Die vermelde dokumente is lank voor die tyd aan die klasonderwysers vir bestudering gegee en dit is van tyd tot tyd bespreek met die oog op begrip en motivering.

e. Die volgende vorms is vervolgens aan onderwysers beskik=baar gestel.

i. 'n Ouer-onderwyserkonferensie-verslagstaat.[47)]

ii. 'n Vakonderwyser-verslagstaat.[48)]

## D. DIE VERLOOP VAN DIE PROEFNEMING

1. Ouers is per omsendbrief in kennis gestel dat rapporte persoonlik aan hulle by die skool oorhandig sal word en dat onderwysers kinders se vordering met hulle sal bespreek.

46) Vergelyk vir breedvoeriger besonderhede hoofstuk 5 hierbo oor samesprekings en waarneming van kinders. Vgl. ook Bylae B1.
47) Vgl. Bylae B 2, p. 427.
48) Vgl. Bylae B 3, p. 428.

/321.

Die versoek is ook tot hulle gerig om die afspraaktye wat later bekend gemaak sal word, sover moontlik na te kom.[49]

2. Die prosedure om datums en tye vir afsprake te maak is soos volg gedoen:

die st. 5-onderwyser het 'n naamlys van ouers van sy leerlinge gemaak en die vermelde vyf datums met tye aangedui. Op sy lys is ook die name en standerds van jonger boeties en sussies aangedui. Die lys is daarna na st. 4 tot by gr. i. Telkens is jonger boeties en sussies se name aangedui. Die onderwyser in st. 4 moes vasstel of 'n afspraak reeds vir 'n ouer broer of suster in st. 5 se ouers gereël is. Tot by gr. ii is dieselfde prosedure gevolg. Sodoende is verseker dat 'n ouer wat 'n afspraak met die st. 5-onderwyser het, direk daarna na bv. die st. 3- en st.1- onderwyser kon gaan as hy 3 kinders in st. 5, st. 3 en st. 1 in die skool het.

3. Op 14 Junie 1973 is ouers per omsendbrief in kennis gestel van die afsprake wat op 16 tot 20 Julie 1973 sou plaasvind, d.w.s. met die heropening van die skool vir die derde kwartaal.[50]

4. Die meeste ouers het die tye aanvaar, behalwe 'n paar wat vóór skool, in die middae en die aande sou kom. Alle afsprake is vóór 22 Junie 1973 finaal gereël en geen verdere aanmanings is gestuur nie, aangesien die skool op 22 Junie 1973 vir die vakansie gesluit het.

---

49) Vgl. Bylae B4, p. 429.
50) Vgl. Bylae B5, p. 436.

5. Omdat vakonderwys in st. 3 tot 5 in swang was, is Bylae B3 aan elke vakonderwyser vir voltooiing oor elke kind gegee. Die voogonderwyser van st. 5 wat bv. Afrikaans vir st. 3 - 5 gegee het, het die vorms t.o.v. Afrikaans vir die st. 3-en 4-leerlinge voltooi en dit aan húlle voogonderwysers gegee. Op sy beurt het hy verslae van die vak (voog) onderwysers vir sy st. 5-leerlinge se Wiskunde, Engels, ens. ontvang. Dit was dus nie nodig vir 'n ouer van 'n st. 5-leerling om na vier verskillende onderwysers te gaan oor sy een kind se vordering in st. 5 nie.

Baie afsprake is gereël vir 16 Julie 1973, op die dag wat die skool vir die onderwysers begin het. Hierdie afsprake is in klaskamers gevoer vir 10 - 15 minute met tussenposes van 5 - 10 minute. Op 17 tot 20 Julie 1973 is afsprake gevoer in klaskamers, die personeelkamer, die saal en ook in leë klaskamers. Waar studente nie klasse kon waarneem terwyl onderwysers onderhoude voer nie, het onderwyseresse mekaar se klasse saam geneem terwyl die ander onderhoude voer.

7. Die afsprake is in vyf dae afgehandel.

E. <u>RESULTATE</u>

1. Dit was merkwaardig dat slegs 11 van die 310 geskeduleerde onderhoude nie nagekom is nie, veral as in aanmerking geneem word dat 'n vakansie tussen die bepaling en die nakoming van die afsprake geval het. Hierdie 11 afsprake wat nie nagekom

is nie, het 9 van die 210 gesinne verteenwoordig.

2. Onderwysers moes noodgedwonge aan 'n ouer verduidelik waarom 'n kind bv. in Afrikaans swak is, in watter afdeling van Afrikaans die moeilikheid gesetel is en moes voorts aandui wat die onderwyser doen om 'n verbetering te bewerk= stellig en moes van die ouer verneem hoe hy behulpsaam kon wees.

3. 'n Vraagbrief is na die onderhoude aan elke kind se ouer wat afsprake nagekom het, gestuur met die oog op evaluering van die samesprekings.[51)]

a. Van die 299[52)] vraagbriewe wat uitgestuur is, het 261 beantwoord teruggekom. Dit is moontlik dat die 38 wat nie terug gekom het nie, van ouers kon wees wat twee of meer kinders in die skool gehad het en dit onnodig gevind het om twee of meer sóórtgelyke vorms te voltooi.

b. In tabel 17 word die antwoorde aangedui.

TABEL 17: Ouers se antwoorde op sekere aspekte van die konferensie

| Vraag | Ja | % Ja | Nee | % Nee | Antwoorde ontvang | % Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 261 | 100 | 0 | 0 | 261 | 100 |
| 2 | 256 | 98,5 | 5 | 1,5 | 261 | 100 |
| 3[53)] | | | | | | |
| 4 | 252 | 96,6 | 9 | 3,4 | 261 | 100 |
| 5 | 253 | 96,9 | 8 | 3,1 | 261 | 100 |
| 6 | 250 | 95,8 | 11 | 4,2 | 261 | 100 |
| 7 | 259 | 99,2 | 2 | 0,8 | 261 | 100 |
| 8 | 256 | 98,5 | 5 | 1,5 | 261 | 100 |

51) Vgl. Bylae B6, p. 437.
52) 310 Afsprake minus die 11 wat nie nagekom is nie.
53) Besonderhede oor die verskillende vakke is nie ter sake nie.

/324.

c. Afleidings

i. Dit het duidelik geblyk uit die 100% instemming op vraag 1 dat ouers graag persoonlik met onder= wysers wou gesels oor hulle kinders se vordering. By vraag 8 "Sou u ŉ verdere konferensie met u kind se onderwyser verwelkom?", wat nou korreleer met vraag 1 het 98,5% van die ouers die behoefte uitgespreek om weer saam te gesels. ŉ Paar ouers het egter aangedui dat hulle sou wou konfereer "indien dit nodig is".

ii. Die grootste meerderheid ouers het op vraag 2 "Hou u meer van die konferensies as slegs die rapport?" bevestigend geantwoord, nl. dat vorderings= konferensies verkies word bó die blote uitstuur van ŉ rapport.

iii. I.v.m. vraag 3 het ouers duidelik by toepaslike vakke aangedui of hulle die vordering van hulle kinders beter verstaan en onderwysers kon waar daar bedenkinge of onsekerheid bestaan het, dit opvolg.

iv. Op vraag 4 "Het u en die onderwyser saam planne beraam om saam te werk met u kind?" het 3,4% ŉ negatiewe mening uitgespreek, omdat daar waarskynlik werklik nie planne beraam is nie.

v. Ook by vraag 5 "Begryp u die skoolprogram beter?" het 3,1% van die ouers aangedui dat hulle die skoolprogram nie beter verstaan nie. Dit sou die geleentheid wees om ouers later meer in te lig.

vi. Met vraag 6 "Verstaan u beter hoe u kind met sy klasmaats oor die weg kom," het 4,2% van die ouers negatief geantwoord. Dit is moontlik dat van hierdie ouers kon gedink het dat dit niks met die kind se skoolwerk te doen het nie, of dat hierdie aspek glad nie bespreek is nie.

vii. Die 99,2% ouers wat op vraag 7 "Voel u dat, vanweë die uitruil van inligting, beide u en die onderwyser meer van u kind weet?" bevestigend geantwoord het, dui ook weer duidelik hoe nood=saaklik die uitruil van inligting oor 'n kind tussen voogonderwyser en ouer is.

viii. Vrae 1, 2, 7 en 8 is moontlik 'n sterk motivering vir die hou van konferensies en toon 'n duidelike belangstelling en behoefte by ouers om saam te gesels.

4. 'n Vraagbrief wat as evaluering van die ouer-onderwyser=samesprekings moes dien, is ook aan onderwysers beskikbaar gestel.[54)]

a. In tabel 18 word die antwoorde aangedui.

---

54) Vgl. Bylae B7, p. 439.

TABEL 18: Evalueringstaat van onderwysers se samesprekings met ouers

| Vraag | Ja | % Ja | Nee | % Nee | Onderhoude |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 11 | 100 | | | |
| 2 | 10 | 90,9 | 1 | 9,1 | |
| 3 | 11 | 100 | | | |
| 4 | 10 | 90,9 | 1 | 9,1 | |
| 5 | 11 | 100 | | | |
| 6 | 11 | 100 | | | |
| 7 | 6 | 54,6 | 5 | 45,4 | |
| 8A | | | | | 310 |
| B | | | | | 1[55]) |
| C | | | | | 11 |
| 9 | 11 | 100 | | | |
| 10 | 1 | 9,1 | 10 | 90,9 | |
| 11 | 10 | 90,9 | 1 | 9,1 | |
| 12 | 11 | 100 | | | |
| 13 | 11 | 100 | | | |

b. Afleidings

i. Daar is geen grond om te dink dat onderwysers nié hulle eerlike menings uitgespreek het nie en dit kan as hulle ondubbelsinnige oortuigings en bevindings aanvaar word.

ii. Al die onderwysers het gevind dat ouers graag wil saamwerk tot beswil van hulle kinders.

iii. Op vraag 2 het slegs een onderwyser gevind dat ouers nie maklik hulle idees uitspreek nie.

55) Een konferensie is gekanselleer maar later ingepas.

Dit was ook slegs enkele ouers. Die meerderheid ouers het wel hulle idees uitgespreek.

iv. Onderwysers was dit almal eens dat hulle meer insig in kinders se gedrag a.g.v. die same=sprekings verkry het.

v. Op vraag 4 het ook een onderwyser gevind dat ouers nie voldoende begrip van hoe hulle kinders in die verskillende vakke vorder, het nie. Hier was dit ook die geval dat een of meer ouers dit nie kon begryp nie.

vi. Op vraag 5 en 6 het al die onderwysers bevestigend geantwoord. Elkeen het bevrediging daaruit geput om met ouers te gesels oor hulle kinders se werk en moontlikhede.

vii. Ses van die 11 onderwysers het enkele ouers gevind aan wie hulle nie ŉ volledige prentjie van hulle kinders se gedrag kon gee nie. Die indruk moenie gewek word dat al ses onderwysers ál hulle same=sprekings met ouers so gevind het nie. Dit was meer ŉ geval dat elkeen van hulle net aan sekere ouers nie volledige begrip kon laat kry oor hulle kinders nie.

viii. Al die onderwysers het die begeerte uitgespreek om verdere konferensies te kan voer.

/328.

ix. Op vraag 10 het een onderwyser inligting bekom wat nie aangeteken behoort te word nie. Die oorgrote meerderheid ouers het geen nadelige gesinsinligting verstrek nie.

x. Slegs een onderwyser het dit moeilik gevind om pertinente feite te identifiseer om aan te teken.

xi. Op vrae 12 en 13 het al die onderwysers bevestigend geantwoord en dit as 'n behoefte aangevoel om meer kennis oor konferensies as 'n onderafdeling van voogonderwys te bekom.

## F. AANBEVELINGS

Uit hierdie uiters lokale proefneming het dit duidelik geblyk dat beide ouer en onderwyser graag samesprekings wil voer oor hulle gemeenskaplike belang, nl. die kind. Hoewel daar nie op volkome wetenskaplikheid aanspraak gemaak kan word nie, word desnieteenstaande die volgende aanbevelings gemaak:

1. om uitvoering aan voogonderwys te gee, móét daar sinvolle en wetenskaplike ouer-onderwysersamesprekings oor elke kind wees;

2. die natuurlike voogde en die plaasvervangende voogde kan slegs samewerking tot voordeel van elke kind verkry deur as voogde saam te gesels;

3. die moderne onderwyser in die Christelik-nasionale skool kan as Christengelowige eers ware insig in elke kind kry deur met ouers te beraadslaag, aantekeninge te maak van tersaaklike inligting en om ouers te lei in die

Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing;

4. samesprekings moet sover moontlik gedurende skoolure plaasvind oor 'n tydperk van 3 tot 5 dae en gedurende tydperke van proefonderwys;

5. rekords oor samesprekings moet gehou word en tersaaklike inligting moet later na voogstate oorgedra word;

6. onderwysers het 'n skreiende behoefte aan voorligting i.v.m. voogonderwys, meer insig van die siel en wese van die kind en kennis van konferensies en dit is noodsaaklik dat oriënteringskursusse hiervoor gereël moet word en dat ernstige aandag aan in-diens-opleiding in Opvoedkunde deur die owerhede geskenk moet word.

## VII. GROEPSKONFERENSIES MET OUERS

### A. INLEIDING

In Bylae 4 is aangedui dat groepskonferensies in die vooruitsig gestel is. Dit kon weens onvermydelike omstandighede nie plaasvind nie. Dit is moontlik om groepskonferensies op verskillende maniere van stapel te stuur. Eerstens kan onderwysers met die gewone oueraand of boekuitstalling ook 'n groepskonferensie belê. Tweedens kan hy 'n suiwer groeps=konferensie of klaskonferensie belê waar hy ook 'n minuut of twee met elke ouer gesels. Derdens kan die hoof 'n ouer=konferensie belê. In al drie gevalle kan demonstrasielesse

/330.

mét of sónder kinders oor een of ander vak of aspek van 'n vak aan ouers gegee word. By groot skole kan een graad i-onderwyseres bv. vir al die ouers van die drie of vier graad i-klasse 'n demonstrasieles oor aanvangsleesmetodes gee en ouers daarna tot bespreking uitgelok word. Groepskonferensies kan in klasse plaasvind waar sake soos orde, dissipline, die nut van huiswerk, die waarde van die eie voorbeeld, die doelstellings in Christelik-nasionale opvoeding en onderwys, ens. bespreek word. Die hoof kan as professionele leier in die saal oor talle onderwerpe gesels en ook hier kan veral mét kinders demonstrasielesse gegee word, wat alles tot beter begrip van die skoolprogram kan lei en groter waardering vir wat skole doen by ouers kan meebring.

B. WENKE VIR DOELTREFFENDE GROEPBYEENKOMSTE

Bailard en Strang verstrek 'n aantal wenke i.v.m. hierdie konferensies.

1. Ouers is gewoonlik in onderwysers as persoonlikhede geïnteresseerd en daarom moet onderwysers netjies wees en 'n vriendelike informele atmosfeer skep.

2. Ouers is gretig om iets van die skoolprogram te verneem en sal gewoonlik gunstig teenoor 'n eerlike prentjie daarvan wees. In die geheel staan hulle simpatiek teenoor die probleme wat onderwysers ondervind en is bly om op enige wyse behulpsaam te kan wees. Die onderwyser kan bv. vertel

/331.

van die probleme wat ondervind word met die opvoeding van die hele kind.

3. Onderwysers het egter soms die nare gewoonte om met ouers te praat asof hulle kinders is. Baie ouers is goed ontwikkel en net so op hulle tone as wat baie onderwysers dink om te wees.

4. Onderwysers moenie pedagogiese taal gebruik nie, of taal wat vir die ouers betekenloos is nie. Die onderwyser moet homself in die plek van die gemiddelde ouer plaas.

5. Spesifieke voorbeelde moet gebruik word. Om presies te illustreer hoe lees geleer word, het onderwysers al ŉ lees=sirkel van ouers gereël. Ander gebruik die swartbord of tru-projektor.

6. Beplan vir soveel moontlik ouerlike deelname. Vra ouers selfs vooraf om vrae skriftelik te stel.

7. Daar is baie sake wat van gemeenskaplike belang vir elke ouer se kind is. Beklemtoon hierdie dinge.

8. Met so ŉ byeenkoms móét ŉ minuut of twee vir elke ouer ook nog afgesonder word om ŉ meer persoonlike kleur aan die byeenkoms te gee.

9. Groot versigtigheid moet aan die dag gelê word om nie opmerkings te maak wat op ŉ besondere kind betrekking het nie. Geen ouer moet in die verleentheid gestel of selfbewus gemaak word nie.

10. Ouers weet gewoonlik nie watter spesiale dienste 'n skoolsisteem bied nie en hulle sal baie belang daarin stel. Dit laat hulle gewoonlik trots voel op hulle skool wanneer hulle van al die voordele wat dit aanbied, hoor.

11. Onderwysers moet as hulle eerlik kan, die ouers laat voel dat hulleself trots voel om met hierdie skool en gemeenskap geassosieer te wees. Dit neig ook om ouers vertroue en trots in die skool te gee.

12. Onderwysers moet die ouers die gevoel gee dat hulle met al die ondersteuning wat hulle as ouers gee, verantwoordelik is vir die geleenthede wat aan hul kinders voorsien word.

13. Humor, goedigheid en vriendelikheid en 'n gees van gemoedelikheid moet by die byeenkoms heers. Die ouers moet voel dat die onderwyser hulle vriend en hulle kinders se vriend is, en dat beide ouers en onderwysers as werkende vennote saamspan om tot voordeel van die kinders se welvaart te werk.[56)]

C. SLOTGEDAGTES OOR OUER-ONDERWYSERSAMESPREKINGS, INDIVIDUEEL EN GROEPE

As die skool sy verantwoordelikheid vir die kind se persoonlikheidsontwikkeling sowel as sy intellektuele ontwikkeling aanvaar en daarby erken dat dit sal beteken om nouer met die ouer saam te werk, dan is dit voor die hand liggend dat ouer-onderwysersamesprekings nie 'n aanhangsel of byvoeging tot die skoolprogram of kurrikulum is nie, maar wel 'n

56) Bailard & Strang, op. cit., p. 35 - 38.

integrale deel daarvan. Samesprekings moet ʼn deel van die gewone program vorm en tyd moet daarvoor opsy gesit word net soos vir al die verskillende skoolaktiwiteite.[57]

## VIII. DIE ONDERWYSERSWERKWINKEL

In die vorige paragraaf is aangedui dat ouer-onderwyser= samesprekings nie as ʼn aanhangsel nie maar as ʼn integrale deel van die hele opvoedings- en onderwysprogram gesien moet word. Dit is egter noodsaaklik dat onderwysers indiens-opleiding in hierdie verantwoordelikheid moet ondergaan.

Bailard en Strang maak melding van ʼn praktiese werkswinkel - "workshop"- by skole waar die doel van en soorte konferensies behandel word, metodes om samesprekings te voer en waar ouerlike gesindhede en die verwagtinge daarvan bespreek word. Vraagbriewe kan oor hierdie samesprekings deur onderwysers en ouers voltooi word om te bepaal hoe elkeen oor samesprekings voel en hoe dit verbeter kan word.[58]

Met die nuwe voorligtingsprogram wat voogonderwys ten grond= slag lê, behoort die hoof, vise-hoofde en fasevoogde periodiek samesprekings te voer as ʼn sogenaamde "werkswinkel" waar koördinering van alle aspekte van die voog- en voorligtings= program plaasvind. Leerlinge wat deur klasvoogde na fase= voogde verwys word, word ook hier bespreek. Planne word beraam hoe individuele leerlinge gehelp kan word, soos dit

57) D'evelyn, op. cit., p. 92.
58) Bailard & Strang, op. cit., p. 31 - 32. Vgl. ook: Langdon & Stout, op. cit., p. 24. Vgl. ook: Bylae B6 en B7, p. 437-439.

/334.

uit die klas-, die groep-, die huis- en die sport- en kultuursituasies[59] blyk, m.a.w. uitvoering word aan individualisering en differensiëring gegee. Probleme wat met individuele ouers ondervind word, word wetenskaplik en vertroulik bespreek en riglyne word aangedui. Dit is ook die plek en geleentheid waar aksieplanne bespreek word vir groepbyeenkomste van ouers in klaskamers of in die saal, waar onderwerpe wat vir bespreking nodig geag word, behandel word, asook demonstrasielesse wat vir die inligting en voorligting van ouers aandag geniet, ens. Hier kan die hoof die seniorpersoneel motiveer t.o.v. voogonderwys, Christelik-nasionale opvoeding en onderwys en die noodsaak van volksopvoeding of volksverheffing ter wille van die kind.

Hierdie samesprekings sal fasevoogde ook in staat stel om leiding aan hulle onderskeie klas- en sportvoogde te gee, waar ook weer groepbesprekings tussen voogonderwysers plaasvind en waar individuele kinders se belange bespreek word.

Die hoof sal periodiek leiding omtrent al die aspekte aan al die voogonderwysers gee.

## IX. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE IN DIE VOORLIGTINGSPROGRAM

A. Die departementele voorskrifte i.v.m. buitemuurse bedrywighede lui dat die fasevoog vir hierdie aktiwiteite hom eerstens moet beywer om dit vir die maksimum getal leerlinge moontlik te maak om aan buitemuurse bedrywighede deel te neem.

59) Vgl. buitemuurse bedrywighede hieronder.

Dit moet geskied deur o.a. 'n groot verskeidenheid buite= muurse bedrywighede aan te bied. Tweedens moet hy waak teen 'n oordrewe kompetisiegees ten koste van deelname vir ontspanning en derdens moet die werk van die spanvoogde gekoördineer word.

B. PLAASLIKE OMSTANDIGHEDE

1. Weens plaaslike omstandighede is dit by ondersoeker se skool bykans onmoontlik om ná skool buitemuurse bedrywighede te beoefen omdat die meeste kinders met skoolbusse vervoer word. Om die probleem te oorbrug word die skooldag twee keer per week met 30 minute verleng ten einde 'n sport- en kultuurperiode daar te stel wat net voor langpouse ingepas word.

2. Dit is moontlik om 'n onderwyseres in liggaamlike opvoeding vir dogters en 'n onderwyser in liggaamlike opvoeding vir seuns af te sonder van st. 1 tot st. 5.

3. Dit is ook moontlik om 'n onderwyseres vir sang en musiek van st. 1 tot st. 5 af te sonder.

4. Sportaktiwiteite

Voordat uitvoering aan die voorligtingsprogram se vereistes voldoen is, was die heersende omstandighede soos volg:

a. Gedurende die eerste kwartaal is atletiek beoefen. Die leerlinge is in drie spanne verdeel en almal van gr. i tot st. 5 neem aan uitdunne deel. Elke span het 69 lede saam met die reserwes sodat 207 van die

730 kinders aan die huissport deelneem.

b. Hierna het dan die voorbereiding gevolg vir die interlaerskoolbyeenkoms wanneer net die 69 beste atlete intensiewe afrigting geniet.

c. Na hierdie byeenkoms word 'n aanvang gemaak met rugby en korfbal waaraan nagenoeg 80 seuns en 80 dogters deelneem. Hierdie aktiwiteite duur tot in die tweede kwartaal voort.

d. Gedurende die somermaande neem al die kinders gedurende liggaamsoefeningperiodes deel aan swem.

e. Gedurende die derde kwartaal neem ongeveer 30 seuns deel aan krieket.

f. Behalwe gedurende die eerste 4 - 5 weke van die jaar wanneer uitdunne vir die huisatletiek plaas=vind, is die meeste kinders vir die res van die jaar onaktief. Gedurende die twee sport- en kultuurperiodes het sommige kinders geswem, terwyl die meeste kinders met huiswerk of take besig was en daar soms afrigting in sang plaasgevind het.

## C. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE SEDERT UITVOERING AAN DIE VOORLIGTINGSPROGRAM GEGEE WORD

Die vise-hoof as voog van die buitemuurse bedrywighede, organiseer en koördineer al die aktiwiteite. Elke kind kom gereeld by al die apparate uit omdat wisseling voortdurend geskied. Die 24 personeellede is ook almal

by hierdie aktiwiteite betrokke.

1. Om aan die kultuur van die sport- en kultuurperiode reg te laat geskied, het die sangonderwyseres kinders gedurende sang- en musiekperiodes uitgesoek vir 'n koor. Dit is hoof=saaklik kinders wat nie aan georganiseerde sport deelneem nie. Kinders is ook uitgesoek wat aan volkspele kan deelneem en ernstige aandag is hieraan bestee.

2. <u>Grade</u>

   a. Met die oog op die voorbereidende program vir gr. i is met ouers se hulp verskillende klouterapparaat vervaardig.

   b. Gedurende die sport- en kultuurperiodes word ook van die klouterapparaat gebruik gemaak vir gr.i en ii wat uit ongeveer 200 kinders bestaan. Dit is verder afgewissel met basiese vaardighede in atletiek, speletjies, gooi en vang van balle en eenvoudige sportvaardighede.

   c. Hierdie bedrywighede roteer sodat leerlinge met elke afdeling kennis maak.

3. <u>St. 1 tot 5</u>

Die 530 leerlinge wat hier betrokke is, kry geleentheid om in rotasie aan al die verskillende afdelings deel te neem.

   a. 'n Hindernisbaan is ontwerp wat oor 300 m strek. Die apparaat wat ook deur ouers vervaardig is, bestaan uit die volgende: 'n ewewigsbalk, hekkies, klimtoue, hangapparaat, beerval of dubbele klouterapparaat, enkel klouterapparaat, doolhof en balanseerklouter=apparaat.

b. Balvaardighede. Dit bestaan uit die gooi en vang van verskeie soorte balle vir mekaar, die gooi van balle in kartonne, deur ringe, ens.

c. Spelvaardighede. Gebruik word gemaak van ses ring=tennisbane waar 24 leerlinge gelyktydig deelneem, terwyl nog ꞌn groep vir mekaar ringe gooi. Daar=benewens word tennissette, sagtebal en handbal asook die hoof sportsoorte, nl. rugby, atletiek, korfbal, swem en krieket gespeel. Basiese vaardig=hede in die hoofsportsoorte word aan ꞌn groot getal leerlinge geleer.

d. Sang en volkspele. Die kinders wat in kore sing, sing een keer per week en kry die geleentheid oor ꞌn tydperk om aan balvaardighede, sekere spel=vaardighede en op die hindernisbaan deel te neem. Dieselfde geld vir die volkspelers.

e. Onderwysers word by bepaalde aktiwiteite gehou.

## D. ENKELE UITVLOEISELS VAN DIE BUITEMUURSE PROGRAM

1. Al die kinders neem dwarsdeur die jaar aan ꞌn fiksheids=program deel. Nie-deelnemers is hoogs uitsonderlik en elke kind verwelkom die gedagte om aan elke aktiwiteit deel te neem en doen geesdriftig mee.

2. Dit was opvallend hoe baie kinders van selfs st. 4 en 5 baie swak oog- hand- koördinasie met balvaardighede getoon het. Die verantwoordelike sportvoogde was verbaas om te merk hoe

/339.

die motoriek van kinders verbeter het, hoe hulle in ekstase was om 'n bal te vang of in 'n karton te gooi, hoe dit self=vertroue meegebring het en hoe spontaan en uitgelate hulle daaraan deelneem.

3. In die proses is talle kinders "ontdek" wat pragtig kon sing en begaafde volkspelers kan word. Talle kinders is ontdek wat knap atlete, rugbyspelers en korfbalspeelsters kan word - kinders wat eenvoudig nie voorheen na vore gekom het om aan hierdie sportsoorte deel te neem nie. Moontlik is dit omdat daar nie soseer 'n kompetisiegees heers nie.

4. Elke onderwyser kry die geleentheid om talle kinders en periodiek ook hulle klaskinders as voog, in spelbedrywig=hede waar te neem, asook in groter groepbedrywighede.

5. Baie belangrik is dat nie net die sportvoogde nie, maar ook klasvoogde menings oor individuele kinders kan wissel, wat ook voordelig in die "werkswinkel" bespreek kan word.

6. Hoewel daar nog steeds net 'n bepaalde groep kinders is wat aan georganiseerde kompetisies kan deelneem, is daar nog=tans 'n honderd persent deelname aan buitemuurse bedrywighede vir die hele skoolbevolking. Algemene fiksheid geniet dus reg deur die jaar aandag en die idee van 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam word bevorder. Hierdeur word ook uitvoering gegee aan die beginsels van die Christelike skool, nl. dat 'n Christelike atmosfeer oor alle aktiwiteite van die skool heen strek.

/340.

## E. AANBEVELING

Dit behoort moontlik te wees dat hierdie stelsel wat nog in sy kinderskoene is moontlik in alle laer- en hoërskole toegepas kan word. Die moontlikheid om sport- en kultuur=periodes by alle skole in te stel behoort nietemin ondersoek te word.

# X. 'N MOONTLIKE VOOGVORM VIR INGEBRUIKNAME DEUR LAERSKOLE

## A. INLEIDING

Soos uit die vraelys aan hoofde van Afrikaanse laerskole geblyk het, het slegs 144 van die 273 skole van voogvorms gebruik gemaak,[60] terwyl sommige hoofde ook leiding vra vir ŉ voogvorm.[61] Terwyl 256 van die hoofde van mening is dat dit noodsaaklik vir die onderwyser is om die kind se huislike agtergrond te ken,[62] is die metodes hoe hierdie inligting verkry word, nie bo kritiek verhewe nie.[63]
Dit is nie oral prakties uitvoerbaar om huisbesoek te doen nie, en die voogonderwyser kan nie altyd sonder meer aan elke ouer ŉ reeks vrae stel oor die kind se huislike milieu nie.

Uit tabel 9 [64] blyk dit dat 11 skole van vraelyste aan ouers gebruik maak om sekere inligting te bekom. Dit wil voorkom of hierdie metode in die praktyk die beste kan werk

60) Vgl. tabel 11, p. 287 hierbo.
61) Vgl. p. 308 hieronder.
62) Vgl. tabel 8, p. 279 hierbo.
63) Vgl. p. 280-283 hierbo.
64) Vgl. p. 281 hierbo.

en dat daar dan met ouer-onderwyserkonferensies duidelikheid verkry kan word waar inligting ontbreek.

Die nodigheid en wenslikheid om vraelyste aan ouers te stuur behoort byval te vind om die volgende redes:

1. die onderwyser het nie nodig om die kind uit te vra oor sy huislike omstandighede nie en dit is nie nodig om te raai nie;

2. elke skool maak gewoonlik van twee inskrywingsvorms gebruik wanneer ouers kinders by skole inskryf. Die een is vir beginners en die een is vir kinders wat van ander skole afkomstig is. In albei vorms word o.a. inligting gevra oor die ouers se beroepe, woonadres, werkplek, ens.;

3. wanneer ŉ ouer dus ŉ kind vir die eerste keer inskryf, of by ŉ volgende skool inskryf, kan sekere besonderhede wat lig werp op die kind se huislike agtergrond, gelyktydig verkry word;

4. aan alle bestaande ouers van ŉ skool word ŉ vraelys gestuur wat ná voltooiing aan die voogonderwyser teruggestuur word en wat vertroulik is. Hierdie vraelys vorm dan deel van die kind se voogstaat. Dit is dan ook nie nodig om elke jaar vraelyste uit te stuur nie, omdat die voogstaat van die een na die ander voogonderwyser gaan soos die kind in die skool vorder van gr. i na st. 5.

/342.

## B. DIE VOOGSTAAT

Die voogstaat kan in drie afdelings verdeel word, t.w. ŉ afdeling oor skolastiese gegewens en waarnemings wat die onderwyser gemaak het, ŉ afdeling wat deur ouers voltooi is en ŉ afdeling wat net op st. 5-leerlinge betrekking het. Die eerste twee afdelings is dus van toepassing op al die kinders van gr. i tot st. 5, terwyl slegs addisionele inligting vir st. 5 verkry moet word.

Die voogstaat sien soos volg daar uit:

/343

VERTROULIK : VOORLIGTINGSPROGRAM AFDELING A

Voogonderwys: Gr. i - st. 5

Naam van leerling: - - - - - - - - - - - - Geslag:- - - - -

Geboortedatum: - - - - - - - - Klas: - - - - - - - - - - - -

I.K.: - - - - - NV - - - - V - - - T- - - Individuele skaal

- - - - - - - - - - -

1. Skolastiese prestasie:

| Jaartal en st. | 19.. | 19.. | 19 .. | 19 .. | 19 .. | 19.. | 19.. | 19. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | | | | | | | | |
| Engels | | | | | | | | |
| Ander taal | | | | | | | | |
| Wiskunde | | | | | | | | |
| Geskiedenis | | | | | | | | |
| Aardrykskunde | | | | | | | | |
| Wetenskap | | | | | | | | |
| Gesondheidsop= voeding | | | | | | | | |
| Basiese tegnieke | | | | | | | | |
| Omgewingsleer | | | | | | | | |
| Gem.% van kind | | | | | | | | |
| Gem.% van st. | | | | | | | | |
| Skoolbesoek | | | | | | | | |
| Aantal skole besoek | | | | | | | | |

2. Gesondheidsprobleme:

Oë - - - - Gehoor - - - - Spraak - - - - Ander - - - - -

3. Persoonlikheidseienskappe

a. Opvallende karaktertrekke (is die kind pligsgetrou, ywerig, eerlik, gedissiplineerd, egoïsties, hard= werkend, traag, introvert, ekstrovert, ens.?)

/344.

b. Talente, aanlegte, vermoëns, belangstellings. - - - - - -
- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

c. Deelname aan buitemuurse program: sportsoorte, kulturele organisasies. - - - - - - - - - - - - - - - -

d. Doelstrewe: is die kind onverskillig, gemiddeld of idealisties? - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

e. Pligsbesef: is die kind ŉ sukkelende, ŉ ongereelde of gereelde werker? - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

f. Lees die kind baie? -- - - - - Wat lees hy/sy? - - - -
- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -
Lees die kind met insig en begrip? - - - - - - - - - - -

g. Is die kind tot selfstandige werk in staat? - - - - - -

h. Sosiaal: (i) Werk die kind saam met die onderwyser(es)? - - - - - - - - - - - - - - -

(ii) Werk die kind saam met maats? - - - - - - -

(iii) Hoe tree die kind op in die groepsituasie? Dominerend, leidend, onderworpe, belangeloos, bakleierig, versettend, aggressief, afhanklik, tartend, verstote, eenkant?

(iv) Die kind se status in die groep: word die kind aanvaar, geïgnoreer, beslis verwerp of is die kind populêr? - - - - - - - - - - - - -

i. Emosioneel: Aanvaar die kind kritiek, of is die kind onverskillig of oorgevoelig vir kritiek? Ander emosionele probleme?

4. Huislike omstandighede

a. Ouer-kindverhouding: swak, het verbeter, goed.

b. Ouers se belangstelling in leerlingvordering: swak, het verbeter, goed.

c. Samewerking tussen huis en skool: goed, neutraal, ondermynend. - - - - - - - - - - - - - - - - - -

d. Dissipline en tug: te streng, goed, matig, swak, sporadies. - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

e. Kerkbesoek: is dit meelewend, sporadies, swak? - - - - -

f. Word huisgodsdiens beoefen? Nooit, selde, gereeld. - - -

g. Is ouers behoeftig, gemiddeld, welgesteld? - - - - - - - -

h. Besondere kenmerke en belangstellings en aktiwiteite van die gesin. - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

5. Probeer u as Christenvoog by die skool die kind in al sy nood, behoeftes, beproewinge en vreugdes te lei en te steun? - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

6. Aard van kind se probleem of besondere goeie of swak prestasievermoë. - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

   a. Probleem (gedragsafwyking, emosioneel, sosiaal, leer) - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

   b. Na fasevoog verwys op - - - - - - - - - - - - - - -

   c. Met ouers bespreek op - - - - - - - - - - - - - - -

   d. Uitslag van samesprekings - - - - - - - - - - - - - -

   e. Vordering en hulp verleen - - - - - - - - - - - - -

7. Hierdie vorm en inligting is vertroulik. Dit gaan saam met die kind na die volgende graad of standerd en dien as leidraad vir die volgende voogonderwyser(es).

Naam van voogonderwyser(es): gr. i - - - - - - - gr. ii - - - - - - -

st. 1 - - - - - - - - - - - st. 2 - - - - - - - - - - - - - - -

st. 3 - - - - - - - - - - - st. 4 - - - - - - - - - - - - - - -

st. 5 - - - - - - - - - - -

/346.

AFDELING B

L.W. Deur ouers voltooi te word[65]

1. Naam van kind - - - - - - - - - - - - - Ouderdom - - - - - - - - -
gr./st. - - - - - - - -

2. Ouerlike verband. Onderstreep wat van toepassing is.
Volledig / vader oorlede / moeder oorlede / stiefvader /
stiefmoeder/ geskei / gaan skei

3. Beroep van vader - - - - - - - - - - - - - - -

4. Beroep van moeder - - - - - - - - - - - - - - -

5. Watter toesig is daar oor die kind indien albei ouers werk?
- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

6. Plek van die kind in die gesin. Dui asseblief aan die
getal kinders en onderstreep die kind se posisie bv.
S D D S S D (in hierdie geval is die kind ꞃ seun en
die derde jongste in die gesin) - - - - - - - - - - - -

7. Wat wil u kind graag word? - - - - - - - - - - - - - - -

8. Wat wil u hê moet die kind word? - - - - - - - - - - - -

9. Watter stokperdjies het u kind? - - - - - - - - - - - -

10. Hoe bestee u kind sy / haar vrye tyd? - - - - - - - - -

11. Is u kind lief vir skoolgaan? - - - - - - - - - - - -

12. Leef die kind binne kerkverband? - - - - - - - - - - - -

13. Word daar plek en tyd ingeruim vir die kind om huiswerk
te doen? - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -
(slegs van toepassing op st. 3, 4 en 5).

14. Besondere belangstellings van die gesin, bv. kerklike
werk, visvang, lees, sport, ens. - - - - - - - - - - - -

15. Kry u gereeld ꞃ Afrikaanse dagblad en tydskrifte? - - -
Watter?

---

65) Hierdie vorm kan deur middel van ꞃ omsendbrief deur die hoof aan ouers gestuur word.

/347.

16. Samewerking tussen huis en skool.

   a. Dink u daar moet die nouste samewerking wees? Ja/Nee

   b. Dink u dit is nie belangrik nie? Ja / Nee

   c. Dink u daar moet gereeld samesprekings tussen huis en skool wees tot voordeel van die kind? Ja / Nee

17. Hoe sou u die gedrag van u kind beskryf:

   Uiters woelig - - - - Baie woelig - - - - Woelig - - - - -

   Gewoon - - - - - - - - Stil - - - - - - - - Baie stil - - -

   Teruggetrokke - - - - - - - - - -

18. Maak u kind maklik maats? - - - - - - - - - - - - - - -

   Word hy / sy gou kwaad? - - - - - - - - - - - - - - -

   Verval hy / sy in woedebuie? - - - - - - - - - - - - - -

19. Lees die kind graag boeke, tydskrifte en koerante?

   Baie / min / selde / slegs na dreigemente.

20. Lees die ouers hardop vir die kinders voor? - - - - -

21. Is daar enigiets wat u dink genoem behoort te word wat u kind se vordering en geluk kan beïnvloed? - - - - - -

   - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

22. Wat dink u is u kind se probleme indien hy / sy wel probleme het? - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

23. Baie dankie vir u samewerking.

## AFDELING C

L.W. Vir die gebruik van st. 5-leerlinge

1. Beplande loopbaan. - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

   Ouers se keuse - - - - - - - - - - - - - - - - Redes - - - - - -

   a. - - - - - - - - - - - - - - - - -

   b. - - - - - - - - - - - - - - - - -

   c. - - - - - - - - - - - - - - - - -

Leerling se keuse

a. ------------------

b. ----------------

c. ----------------

2.Skool se interpretasie in die lig van die gegewens

op hierdie vorm. ----------------------

3.Rigting deur Sielkundige Dienste aanbeveel

4.Studierigtings aanbeveel:

| Rigting | Gewone | Praktiese |
|---|---|---|
| ŉ tegniese | --------- | --------- |
| ŉ handels- | --------- | --------- |
| ŉ landbou- | --------- | --------- |
| ŉ natuurwetenskaplike | --------- | --------- |
| ŉ kuns- | --------- | --------- |
| ŉ huishoudelike | --------- | --------- |
| ŉ algemene | --------- | --------- |

Indien ŉ gewone algemene rigting aanbeveel word, word die volgende opsionele vakke aanbeveel:

derde taal vir ŉ geesteswetenskaplike rigting ------

Rekeningkunde vir ŉ handelsrigting -----------

Ander ------------------------

5. Verslag van persoonlike onderhoud met ouers: ------

------------------------------

6. Hoërskool vir kursus: ----------------

7. Ouerkeuse van hoërskool ----------------

8. Handtekening van klasvoog ---------------

/349.

## C. S L O T

Die drie afdelings van die voogstaat vorm 'n geheelbeeld vir die voogonderwyser. Hierdie voogstaat tesame met die ouer-onderwyserkonferensie-verslagstaat en vakonderwyser-verslagstaat[66] moet in een lêer vir elke kind gehou word.

---

66) Vgl. Bylaes B2 en B3, p. 427-428.

/350.